30 Augustus 2024 www.kerkbode.co.za ● facebook.com/kerkbode Deel 236 – Nommer 139

KERKBODE

Universele basiese-inkomste-toelae

# NG Kerk steun armoede-plan

**'n Ekumeniese drukgroep geniet wye steun van kerkleiers vir die stelselmatige daarstel van 'n universele basiese-inkomste-toelae (Ubit) in Suid-Afrika, waarvolgens minstens R760 per maand aan diegene tussen 18 en 59 betaal sal word, in 'n poging om ekstreme armoede in Suid-Afrika te help verlig.**
**Le Roux Schoeman doen verslag.** **bl 4**


## Kerkbode se nuwe interaktiewe dagboek

'n Digitale megafoon om mense te vertel van jou geleentheid!

kerkbode

**Só werk dit** | Basaar, jeugfees of musiekaand - jy kan dit self op Kerkbode se interaktiewe kalender sit.

01
**BESOEK KERKBODE SE TUISBLAD**

Gaan op Kerkbode se tuisblad (www.kerkbode.co.za) en kliek op "Deel jou dagboek hier!

02
**KIES DIE OPSIE 'LAAI JOU GEBEURTENIS OP'**

03
**VOLG DIE INSTRUKSIES NOUKEURIG**

04
**DRUK STUUR EN SIEDAAR**

Jou advertensie is sigbaar voor Kerkbode se aanlyngehoor as gratis toevoeging tot alle bemarking wat julle self beplan vir die belangrike dag.

## Só verloop die eerste Afrikaanse teologiese konferensie oor U2

# Hóór die profete!

**'n Viering van U2 se geloofsuitinge het 'n opleidingsgeleentheid getransformeer tot 'n fees, vertel Francois Mulder.**

Ek loop nog stéeds op die wolke na 6 en 7 Augustus 2024 se U2-konferensie op Wellington by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit. Voortaan is dié datum een van vyf monumentale U2-datums in my musikale en teologiese U2-reis saam met vier konserte wat ek bevoorreg was om in persoon te beleef (in Johannesburg 1998, Kaapstad 2011, en twee in Texas 2017).

Hierdie unieke geleentheid – die eerste Afrikaanse teologiese konferensie oor U2 – het gemaak dat my liefde vir Jesus én U2 vir twee dae sáám kon dans! 'n Verkenning en viering van laasgenoemde se kreatiewe geloofsuitinge het 'n VBO-kursus getransformeer in 'n fees van ritme, melodie en poëties-profetiese liriek.

Vir diegene wat nie weet nie: 'n U-2 is 'n koue-oorlog era Amerikaanse spioenasievliegtuig, maar óók die naam van my gunsteling-rockband – gevorm in 1978 in Dublin, Ierland – wat bestaan uit Bono (sanger), The Edge (kitaar), Adam Clayton (baskitaar) en Larry Mullen Jnr (dromme).

Dit was my voorreg om die konferensie te open (en ook af te sluit) met dieselfde seëning:

"Ek seën jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees … *in the name of Love*, in die Naam van *Jahweh*, die *Magnificent*, in die Naam van Hom *who carried the cross and all my shame* … mag die Gees van God hier beweeg in *mysterious ways*." Die kursief-gedrukte woorde in die seën is lirieke asook liedtitels van U2.

Dit was heerlik en leersaam om te kon sit aan die voete van Johann Rossouw, Marnus Havenga en Alex Clark. Nes die Psalms kan U2 se lirieke gelees, geëksegetiseer en geanaliseer word, maar moet eintlik geluister, gesing, gedans, gehuil en geskree word. Juis dáárom het ek en my rocker-seun Theo (van die groep Kloudink) vyf U2-liedere gesing tydens die konferensie (hy op kitaar en ek op stem): Love is all we have left, *Grace*, *Wake up dead Man*, *Sunday bloody Sunday* en *Jahweh*.

**Die pasafgelope U2-konferensie by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit het afgeskop en is afgesluit met dieselfde seëngroet: "Ek verwelkom / stuur en seën jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees … *in the name of Love*, in die Naam van Jahweh, die *Magnificent*, in die Naam van Hom *who carried the cross and all my shame* … mag die Gees van God hier beweeg in *mysterious ways*. Die kursief-gedrukte woorde in die seëngroet is lirieke asook liedtitels van die Ierse rockgroep U2. Foto: DJ Muller**

### Maar waarom 'n rockgroep?

Waarom populêre kultuuruitinge soos populêre musiek, films, romans en kuns bestudeer? Waarom nie nét die Bybel nie?

Want gelowiges kyk films, stroom TV-reekse, lees topverkoperboeke en luister musiek. En beslis nie net die sogenaamde "christelike" weergawes van bogenoemde nie. Omdat die digters, sangers, skilders en filmmakers van ons tyd dikwels die tydsgees vir ons op kreatiewe wyse oopbreek. Ons moet leer hoe om die stemme van ons dag in alle lewensfere te hoor en te evalueer om dan die "vis te eet" maar die grate uit te spoeg. Net soos Paulus wat die digters, filosowe en profete van sy tyd gelees het. Daarom in sy advies aan Titus en die gemeente op Kreta haal hy die digter-profeet Epimenides uit Kreta aan in Titu 1:12. In Handelinge 17:28 en 1 Korintiërs 15:33 haal hy weer die ongelowige digters Aratus en Menander aan. "Alle waarheid is God se waarheid" herinner Augustinus ons.

Tydens die konferensie se eerste sessie kon elkeen sy of haar gunsteling U2-lied (met redes) deel en speel oor die klanksisteem. Die trane het gevloei en daar is passievol vertel soos wat vreugdevolle en rou lewensmomente gekoppel is aan U2-liedere wat aan daardie momente klank gegee het.

My twee aanbiedinge was getiteld "Grace versus karma: die evangelie volgens Bono" en "Sit op jou Bono-brille: U2 en 'n Christelike wêreldbeeld". In eersgenoemde is Bono se verstaan van die verbreking van karma (oorsaak en gevolg) deur die kruisdood en opstanding van Jesus (*grace*) uitgelig. Brian Walsh se omskrywing van die Christelike wêreldbeeld is voorgehou as 'n "bril" wat opgesit behoort te word en waardeur ons kyk na die wêreld en die kunste:

"The Biblical drama is of a good creation, loved and sustained by God, devastatingly distorted though not annihilated as a result of human egocentricity, and rescued, restored and forgiven by the Christ who will complete that restoration in the final consummation."

Zelda la Grange – president Mandela se voormalige privaatsekretaris – het die volgende boodskap spesiaal gestuur vir die konferensie:

"Die groep U2 en Bono was van kleintyd af vir my 'n inspirasie. Hulle diep verbintenis met spiritualiteit en geregtigheid het my van vroeg af aangetrek. Dit was eers toe ek vir Bono in lewende lywe ontmoet het in die vroeë 2000s, dat ek verstaan het dat daar soveel meer aan hom was as net 'n bekende musikant. Sy toegewydheid tot sy medemens spreek van 'n diep verbintenis met sy geloof waarin daar geen plek is vir oordeel of diskriminasie nie. Met Madiba se afsterwe in 2013 het Bono en sy vrou Ali my bygestaan en verskeie kere vir en saam met my gebid. Die standvastigheid van hulle geloof en die werk wat hulle regoor die wêreld doen namens diegene wat uitdagings ervaar, bly 'n inspirasie – vir almal wat hulle musiek en loopbaan volg."

Iets van Bono se "diep verbintenis met spiritualiteit en geregtigheid" hoor ons in sy Kerslied *Peace on Earth* waarin hy as profeet jou Kersfeesvieringe ontstig met die woorde:

"Sick of sorrow / Sick of pain / Sick of hearing again and again / That there's gonna be / Peace on Earth … Jesus, this song you wrote / The words are sticking in my throat / Peace on Earth / Hear it every Christmas time / But hope and history won't rhyme …"

Die lied weerspieël 'n heilige ongeduld vermeng met klaagliedere oor die toestand van die wêreld en die kerk en ons leë woorde.

### U2 en geloofsgrammatika (Marnus Havenga)

Marnus Havenga se aanbieding was 'n verstommende vergelyking tussen Bono (1960- ) en Augustinus (354-430). Dit was die nuutste en varsste "Bono-bril" wat ek in jare kon opsit. In beide se outobiografieë (Bono se *Surrender* in 2022 en Augustinus se *Belydenisse* in 397) kom die tema van die *cor inquietum* (rustelose hart) na vore in 'n opregte soeke wat vir Bono tydelik tot rus kom in die sing van die "Onse Vader" (Surrender, bl 543) en vir Augustinus in die sing van Psalms. Aan hom word die bekende woorde "as jy sing, bid jy twee maal" toegedig. 'n Verdere ooreenkoms tussen hulle is die onuitwisbare indruk wat hulle moeders op hulle gelaat het, veral in terme van sang en musiek. Augustinus

se moeder Monica het gereeld in sy ore gesing terwyl Bono se ma Iris se dood toe hy maar 14 was, musiek in hom wakker gemaak het met 'n passie en woede wat rock-, punk- en die opera-musiek van sy pa in hom vermeng het. Augustinus skryf na sy bekering verskeie boeke, onder andere oor die Psalms, terwyl Bono en Eugene Peterson in 'n onderhoud hulle liefde vir en toonsetting en vertaling van die Psalms bespreek.

**U2 se al hoe stiller, al hoe ligtender gebed (Johann Rossouw)**

Dinsdag se program is afgesluit in die kapel waartydens Johann Rossouw 'n "paraliturgie" aangebied het met 'n fiktiewe verhaal van 'n predikant se jeugbekering en -roeping via die musiek van U2 en sy latere lewensloop en geestelike verdieping, geëggo deur geselekteerde snitte uit die U2-korpus. In die verhaal verwys die hoofkarakter na U2 as die "Profete van Dublin" wat met hulle 1987-album *The Joshua Tree* nie net die wêreld verower het nie, maar hom die lig laat sien het uit die duisternis van 'n politieke bestel in Suid-Afrika wat die evangelie misbruik het om een groep bo 'n ander te stel.

Johann se verhaal eindig met 'n uitdaging aan die hoofkarakter asook ons as hoorders, tot totale oorgawe. Na verskeie terugslae in die lewe, bly die enigste hoop om "… in gemeenskap met die Ongeskape Lig te tree …" As filosofie-professor by die Universiteit van die Vrystaat asook Ortodokse priester in 'n gemeente, is sy verwysing na die "Ongeskape Lig" besonders, omdat dit een van die klassieke Ortodokse metafore vir God is. So vind Paulus se bekering destyds op pad na Damaskus plaas (wat intertekstueel verweef is met hierdie 'paraliturgie'), in 'n konfrontasie met die "Ongeskape Lig".

**You still haven't found the U2 you are looking for … (Alex Clark)**

Alex Clark het in sy aanbieding gewys op die oorreaksie van veral die Christelike media in Amerika op U2 se – in Bono se woorde "rustelose geloofsbelydenis" – trefferlied "I still haven't found what I'm looking for" in 1987. Die lewenslange soeke waarvan die skrywer van die Bybelboek Prediker getuig, eggo in hierdie hunkerende moderne psalm. Die soeke na sin is diep verweef in U2 se musiek en liriek. Te dikwels word die "Hoe lank nog Here?" psalms en klaagliedere van kunstenaars egter stilgemaak en vervang met goedkoop, plastiek antwoorde. Jesus se Matteus 7 vers 7 opdrag om te vra, te soek en te klop word gesystap en vervang met 'n wêreld- en realiteitsvreemde voorspoedsgodsdiens wat die Amerikaanse droom



**Sprekers vlnr: Francois Mulder (predikant by Blancogemeente, George); Johann Rossouw (filosofieprofessor by die Universiteit van die Vrystaat); Marnus Havenga (PSD: Kerklike Opleiding, NG Wes-Kaapland); Alwyn Carstens (konferensie-organiseerder, predikant by Parow-Welgelegen) en Alex Clark (predikant by NG Kerk Op die Berg). Foto's: DJ Muller**

eerder as die navolging van Jesus Christus preek (en verkoop). Waar is die kerk se moderne klaagpsalms? vra Bono in 'n onlangse onderhoud. Alex vra uitdagend: Wie is die profetiese stemme wat ons moet hoor, waarna die kerk moet luister? Die sessie word afgesluit met die speel van die relatief onbekende maar aangrypende lied "Wave of sorrow" waarin Bono die saligsprekinge van Matteus 5 oorgeskryf het om grond te vat in die onreg van die Ethiopië van 1984 en die agterstrate van Westerse stede.

**Profete**

Tydens 'n vraag-en-antwoord sessie is 'n krities belangrike aanhaling van die Kanadese sanger Bruce Cockburn voorgehou:

"Pay attention to the poet / You need him and you know it / Maybe you and he will not agree / But you need him new ways to see / Maybe the voice of the Spirit / In which case you'd better hear it" (Maybe the Poet)

Dikwels is die Ou-Testamentiese profete verguis (bv Jeremia) as gevolg van hulle ongewilde en anti-tydsgees boodskap. So ook profete uit die NG Kerk se hartseer geskiedenis met apartheid (dink aan oa prof BB Keet en ander). Ons móét die profete van ons tyd hoor, nes Paulus van ouds met die digter-profeet Epimenides uit Kreta. Wie is die profete wat van buite die kerk en geloofsgemeenskap roep as instrumente van God? Watter ongemaklike boodskappe rakende onreg, uitbuiting, materialisme en verdeeldheid moet die kerk hoor? Beslis U2 se 1991-lied "One" wat nes hulle lied "Please" pleit om verdraagsaamheid en eenheid in verskeidenheid (in Ierland maar ook van toepassing op Suid-Afrika): "We're one, but we're not the same / We get to carry each other / One …"

**Vreugdevolle herbesoek**

Dit was 'n absolute vreugde om die musikale klankbaan van my jeug en lewe te kon herbesoek, vier en bespreek saam met mede-U2-waardeerders wat soos ek in die bediening staan. Ek voel nie meer alleen nie. 'n Amerikaanse vriendin praat van haar "tribe" en van die "United Nations of U2." Hierdie is my "tribe", my mense!

In my nadenke oor hierdie konferensie, het Dietrich Bonhoeffer se "new expression of faith" soos vervat in sy Letters and papers from prison, by my opgekom. Sy woorde daag ons elkeen asook die kunstenaars onder ons uit tot die soek en luister na en skep van nuwe kunsvorme en kreatiewe geloofsuitinge waarmee die evangelie van die Gekruisigde én Opgestane Jesus Christus uitgedra kan word:

"It is not for us to foretell the day, but the day will come when people will be called to utter the word of God in such a way that the world is changed and renewed. There will be a new language, perhaps, quite unreligious, but liberating and saving, like the language of Jesus, so that people are horrified at it and yet conquered by its power" (Bonhoeffer, 1981:102).

*Ds Francois Mulder is 'n leraar by Blancogemeente op George.*

> Vervolg van bl 1

# Ook NG Kerk wys steun vir plan wat siklus van armoede wil breek

Tydens 'n winderige winter waarin reën van die damme rondom Kaapstad tot die hoogste vlakke in 'n dekade laat styg, breek Cindy* se sambreel. Geld vir 'n reënjas val buite haar begroting.

Cindy (58) woon in 'n sinkhuis in Mfuleni, sowat 30 km buite Kaapstad. Haar elektrisiteit hou meestal net die eerste paar weke van 'n maand, vertel sy aan *Kerkbode*. Daarna braai en verkoop sy hoenderpote teen R1 elk vir ekstra geld om nog te koop. Ondernemingsgees hou die ligte en die *toaster* aan in hierdie *shack*.

Cindy is nie haweloos, werkloos of in die kloue van verslawing nie. Sy ly nie aan enige kompulsiewe gedrag nie … Anders as om heen en weer te pendel na die voorstedelike huise wat sy vir mense skoonmaak om die R3 000 per maand te verdien waarmee sy haarself en twee van haar dogters versorg.

Sy is wel een van miljoene Suid-Afrikaners wat in 'n siklus van armoede leef. En die mate waartoe die nuwe regering van nasionale eenheid (RNE) juis sulke mense kan help, is dié maatstaf waarmee sukses gemeet moet word, meen 'n aantal prominente kerkleiers wat onlangs in Kaapstad saamgetrek het.

**Cindy se elektrisiteit hou meestal net die eerste paar weke van 'n maand. Daarna verkoop sy hoenderpote vir ekstra geld. Foto's: Le Roux Schoeman**

### 'From the bottom up'

Aartsbiskop Thabo Makgoba van die Anglikaanse Kerk en senior kerklui van onder meer die NG Kerk en VG Kerk het op 25 Julie in Woodstock, Kaapstad met 'n simboliese gebaar onderneem om hulle stem te voeg by dié van plaaslike politici, ekonome en aktiviste wat hulle beywer vir die stelselmatige daarstel van 'n universele basiese-inkomste-toelae (Ubit) van minstens R760 per maand aan diegene tussen 18 en 59 in 'n poging om ekstreme armoede in Suid-Afrika te help verlig.

"Providing a guaranteed minimal level of income frees people out of the vicious cycle of poverty and it must be a prerequisite for our country in order to achieve inclusive economic development. It will promote local economic development – bottom up," het Makgoba via 'n video-boodskap gesê.

**Kerklui van onder meer die NG Kerk en VG Kerk het op 25 Julie in Woodstock, Kaapstad met 'n simboliese gebaar wat hulle beywer vir die stelselmatige daarstel van 'n universele basiese-inkomste-toelae. Hier onderteken eerw Bertram Swartz van die VGK 'n onderneming van ondersteuning met dr Nioma Venter (regs) wat toekyk.**

### NGK reis saam

Dr Nioma Venter, die algemene sekretaris van die NG Kerk, en prof Leepo Modise, die moderator van die VGK, was onder afgevaardigdes wat na afloop van die halfdag-samekoms van sowat 30 mense hulle handtekening as onderneming van ondersteuning van die saak gebied het. "We know that inequality is a complex matter, but we need to acknowledge that 25% of South Africans do not have the ability to live above the (Food Poverty Line) of R760 per month … It's unbearable to think of. And also unacceptable," aldus Venter. Sy het tydens 'n kort spreekbeurt by die geleentheid bygevoeg: "If I have to commit to something today, to stand for something, it is to say, we are here. The DRC is in this conversation. As part of the World Communion of Reformed Churches (WCRC) we are here. We share the sentiments of our religious conviction and we share the love for God's people in South Africa. We are here and are on the journey with this platform to journey further on this matter."

### 'Where God stands'

Prof Modise het gesê: "We need to stand where God stands. We need to make the poor the centre of our agenda. Therefore URCSA fully supports the initiative, it's not just beneficial but an imperative where poverty, inequality and unemployment are the norm."

Die geleentheid in Woodstock was ook die amptelike bekendstelling van die Global Reformed Advocacy Platforms for Engagement (Grape) se jongste projek wat spesifiek vir 'n Ubit argumenteer. Grape-leiers het benadruk hoe en hoekom geloofsleiers aan die debat kan deelneem in hulle gemeenskappe: "(C)hurches, with their intimate connection to communities and their local, national, regional and global networks, have a pivotal role in leading the pursuit of social and economic justice by advocating for this structural intervention to create a more equitable and sustainable future for all."

### Min steun vir werkloses

Sowat 24,4% van Suid-Afrikaanse huishoudings sê tans dat maatskaplike toelae (*grants*) hulle hoofbron van inkomste is. Te midde van die vraag oor of die land hoegenaamd 'n Ubit kan bekostig, is die teenvraag of die land kan bekostig om nié die ekonomie – die mees ongelyke ter wêreld – te herstruktureer nie. "South Africa does not have any permanent income support for able-bodied people between the ages of 18 and 59, even though a large number of them have no income or means of survival due in large part to the unavailability of employment," luidens 'n verklaring deur Grape.

### Waak teen wanopvatting

Dit is tyd vir 'n nuwe "ontwikkelingsparadigma" in Suid-Afrika, wat gebaseer is op insluiting en regte," het dr Kelle Howson, 'n navorser verbonde aan die Instituut vir Ekonomiese Geregtigheid, gesê.

En dit is belangrik om te verstaan wie die teenstanders van 'n meer gelyke samelewing is, meen sy. (Dit is) naamlik toksiese beleid en wanopvattings oor wat sosiale bystand behels. Ons praat nie van welsyn en "handouts" nie, maar van bemagtiging en geregtigheid, het Howson benadruk.

"This is both a moral (issue) and also based on evidence. There is local

> Vervolg bl 5

# ‘Probeer daai dinge wat die meeste mense sê onmoontlik is’

“Toe dink ek, ja, die saal word nou gebruik en die verhoog is lankal ingerig in kamers waar van ons mense bly. Wat kan ons nog gebruik? Ons stoor is nou klaar die kantoor, die ander kantoor is al die maatskaplike werker se plek, Hendrico bly reeds *backstage* in een van daai ou aantrekkamers, die gat onder die verhoog is die huiswerkkamer en die ou moederskamer is die crèche … Wat is daar nog? Toe dink ek, wel, daar is ’n oop stuk teer agter die kerk, en dít word nog nie gebruik nie. So, toe kry ons containers en omskep hulle in ’n koshuis vir baie van ons *kids* wat sukkel by hulle huis …”

Scherlize van der Merwe is die dominee by Ysterplaat-gemeente. Sy vertel van haar groot skok toe sy destyds by die gemeente aangekom het.

“Destyds toe ek in 2018 begin het, was daai kerk se deure die meeste van die tyd gesluit. Dit het regtig net Sondae-oggende tussen 09:30 en 10:30 oopgemaak. Dit het my verskriklik gefrustreer – ek dink dit is nie so uniek aan Ysterplaat nie, daar is seker nog sulke kerke, maar ek kon dit eenvoudig nie glo nie. Ek kon nie glo, so ’n groot gebou, met só baie nood rondom, staan heel week toe nie.”

Vandag word amper elke spasie van die gemeente se eiendom gebruik.

Scherlize is saam met Niel Steyn een van die stigters van Isibindi, ’n organisasie wat hoop bring aan jongmense in nood in die Kaap. Behalwe vir die Ysterplaat-gemeenskap het Isibindi ook projekte in NG Table View se kerksaal en huise in die Paarl en op Stellenbosch waar mense van uiteenlopende kulture en agtergronde saamwoon en weekliks saam eet, asook ’n projek by die skole op Calitzdorp. Isibindi beteken “dapper”.

Ysterplaat is ’n diverse gemeenskap met baie nood. Hulle fokus veral op die kinders, maar Scherlize sê hulle doen ook steeds die gewone kerkgoed; hou byvoorbeeld steeds eredienste op Sondae en so aan.

“Daar is steeds Sondae ’n oggenddiens in Afrikaans. Ons het nie ’n orrelis of musikante nie, ons speel sommer YouTube-liedjies. En dis lekker, almal kuier saam en ons het altyd broodjies na kerk en lekker tee. Dit is so ’n *amazing community* om van deel te wees,” sê sy.

Op Donderdae is daar ’n Engelse erediens veral gefokus op die straatgemeenskap en na kerk eet hulle saam.

Sy sê dit is altyd moeilik om die sinode te antwoord oor hoeveel lidmate hulle is. Die meeste van haar mense is lidmate sonder lidmaatsertifikate.

Scherlize het grootgeword op Swellendam. As kind was sy baie betrokke by Christenaksies en het graag op kerkkampe gegaan. Twee uitreike het haar lewe verander, een in Indië en een in die Kaap. Sy was diep geraak toe sy sien hoe mense hulle lewe gegee het vir kinders in nood. In matriek het sy besluit om ’n dominee te word.

Op Stellenbosch, waar sy teologie gestudeer het, het sy onder andere vir ’n tyd lank saam met jongmense in nood in ’n huis gewoon. Dit was een van die groot draaipunte in haar lewe.

Ysterplaat-gemeente kry vandag dinge reg waarvan ander gemeentes – dikwels in veiliger en meer welaf woonbuurte met minder nood, meer lidmate en hulpbronne en eiendom – net kan droom. Wat is haar geheim?

“Mense vra my altyd: Scherlize, hoe het jy dit reggekry om hierdie mense te oortuig, hoe het jy dit reggekry om *containers* op die kerkterrein te *renovate*, en te sê ja, julle mag maar kinders daar laat bly? Ek het geen idee nie! Die mense hier is net *amazing* en hulle het ongelooflike harte vir die koninkryk. Jô, ek hoor darem maar lelike stories van kerkrade en ek is so dankbaar vir daai kerkraad van ons en hulle hart om die gemeenskap te dien.”

Scherlize sê dit het destyds baie gehelp dat die kerk naby was aan toemaak, toe sy daar aangekom het. Hulle moes eenvoudig anders dink. Die ander opsie was om die kerk se deure te sluit.

Amper daagliks word sy gekonfronteer met die hartseer van armoede, dwelmmisbruik en geweld, maar terwyl ons gesels vertel sy ook keer op keer van die mooi dinge en die groot lewenslesse wat sy in Ysterplaat geleer het.

Daar is ’n groot bord in die saal wat sê: WE ARE FAMILY. Op ’n dag, toe sy besig was in die kombuis, vra ’n dogtertjie in graad een vir haar: “Miss Scherlize, are you and uncle Hendrico brother and sister?”

Hendrico Ockhuys is een van die mede-leiers by Isibindi. “Ek was besig met ’n klomp goed en sê toe: ‘Nee, man. Kan jy nie sien nie? Jy ken mos vir Hendrico, hy is bruin en kom van Kliprant en hier sit ek met my blonde hare. Enigiemand kan mos sien ons is nie familie nie.’”

Toe sê die dogtertjie: “But then you were lying! You said we are all family.”

“Dit was asof ek teruggeruk is en besef: Jis, Scherlize, jy het nou die verkeerde antwoord gegee. Jy en Hendrico is rêrig broer en suster!”

Sy sê sy wens elke mens kan die voorreg hê om die dinge te beleef wat sy in ’n gemeenskap soos Ysterplaat beleef, en verhoudings te bou met die wonderlike mense wat sy elke dag raakloop.

Hoe voel Scherlize van der Merwe oor die toekoms van die kerk in Suid-Afrika?

“Mense wat ons besoek sê baie keer hulle wil ook hierdie tipe dinge doen, maar dan bel hulle maande later en sê, nee dit werk nie, die kinders het nou weer ’n ruit uitgegooi of iets. Dan dink ek: Dit sal werk as jy dit wil maak werk! Maar ek het hoop. Ek glo kerke kan ’n massiewe verskil in die gemeenskap maak, as hulle net bereid is om dit ’n bietjie buite hulle gemaksones te waag en die dapperheid in hulle aanvuur en dinge probeer doen wat die meeste mense sê onmoontlik is. Die dinge wat ons Jesus keer op keer hoor sê ons moet doen.”

*Ds Jaco Strydom is verbonde aan die Echo-Jeuggemeenskappe en die NG Gemeente Villieria.*

## ARMOEDE

> Vervolg van bl 4

and international research that shows when we give cash to the poorest people in our communities, overwhelmingly, they use it to build a foundation for sustainable livelihoods, to further their education, to gain critical skills, to enter the workforce, to search for a job, to start businesses.”

**Om die onsigbare te sien**

Eerw Bonganjalo Mbenenge van die VGK het tydens die bekendstelling daarop gewys dat vele deelnemers aan die gesprek self middelklas is. “You see, if you live in the suburbs, you don’t see poverty … it’s a myth. Because everything around you seems to be fine …” Mbenenge het gesê dit is belangrik dat predikers lidmate juis binne armoedige gemeenskappe moet lei. “As our leaders sign (the petition) may we see the unseen and think of those people we really don’t see.”

Makgoba wys op die geleentheid maar ook plig van politieke partye: “Now is a critical moment for action in the history of our country. All parties in the new GNU have put the fight against poverty, inequality and unemployment in their manifestos … now they not only have the opportunity but the obligation to put the necessary strategies on top of the agenda.”

**Skuilnaam. Kerkbode weerhou die persoon se identeit op haar versoek.*

Jan Lubbe

# Te midde van vinnige nuus, terug na die bronne (Ad fontes)!

Dit was wéér ’n Vrydagaand, in die hartjie van die strawwe winter van ’24. Wel, hier by ons. Elders was dit somer, ’n helder somersaand trouens – in Parys, Frankryk. Twee gebeure daardie 26 Julie het ek agterna opgeteken.

Self was ek by ’n konsert van Joshua na die Reën, ten bate van die Hospice hier in Bloemfontein, en kon daarom nie ’n uitnodiging na die eerste ander geleentheid aanneem nie: ’n Herdenking van die lewe van Krotoa – “Eva” in die woning van Jan en Maria van Riebeeck en só gedoop in daardie eerste Kaapse gemeente, ’n jong twaalfjarige Khoi-meisie. “Eva van die Fort de Goede Hoop”, aldus prof RM Britz in sy jongste boek oor die Kaapse kerkgeskiedenis, *Die begin: God en geloof in Fort de Goede Hoop, 1652-1655*.

Ons weet van haar só min; haar kom en gaan in die “Dagregister” van Van Riebeeck en die “Doopregister” van daardie eerste gemeente aan die voet van Tafelberg; ’n landskap waarin sy gebore en getoë is en van oorkant die baai – van Robbeneiland af – verlangend moes beskou het. Ons “ken” Krotoa méér uit Karen Press se meevoerende gedig “Krotoa’s Story” (1990), Antoinette Pienaar se gelyknamige eenvrou-stuk by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees (1995), Dalene Matthee se *Pieternella van die Kaap* (2000), Dan Sleigh se *Eilande* (2003) en nou ook, Dieuwke-Jean Linee se portret van ’n hartseer Krotoa wat oor haar skouer terugkyk – iets verlore – teen die oudste kerktoringmuur in Kaapstad (1704), digby haar graf, driehonderd-en-vyftig jaar ná haar sterfdag op 29 Julie 1674. Verbeelding, inbeelding, uitbeelding. Hoe ons versigtig, asof met ’n handskoen, die ou bronne in argiewe oopmaak; dagboekaantekeninge van lank gelede én dit wat diep in mondelinge oorleweringe weggelê is en legende geraak het, opdiep. Vergelyk.

Dieselfde Vrydagaand – 26 Julie – bars daar ’n ander rumoer in die kuberruim los, hoor ek ná die tyd. Dalk selfs erger as ’n vorige keer in Parys – 10 November 1793 – toe ’n operasangeres flambojant getooi as “Godin van die Rede” in die Notre Dame Katedraal gekroon is, die euforie van die Franse Verligting ten top. Die drietal “vryheid, gelykheid en broederskap” uit die Revolusie allemanstaal; kerktorings gesloop, Sondag as heilige dag geskrap. Uitgesproke antigodsdiens. Van Katolieke monargie na gesekulariseerde republiek. In dáárdie konteks, tweehonderd-en-dertig jaar later, is daar dié Vrydagaand – ná die uitspattige opening van die Olimpiese Spele – wéér geëis dat die koppe rol, bloed vloei. Hoe kunsdirekteur Thomas Jolly ook al verduidelik dat sy inspirasie vir die openingstonele teruggaan na ’n oordadige pagane fees met Dionisus uit die Griekse mitologie en nié Da Vinci se “Laaste Avondmaal” (die muurskildery in die St Maria delle Grazie-kapel in Milaan, Italië) nie, en jammer, hy wou nie aanstoot gee nie – aan die kuberkrygers en koerantkolomniste was geen keer nie.

Die Maandag vra ons as ASM-dagbestuur onsself af of en hoe ons behoort te reageer. Soos wat die gesprek ontvou, besef ’n mens hoe

> **“Kyk die konteks en tydlyn van die bron. Sóós wat ons veronderstel is om die mees primêre Bron te lees**

maklik jy oningelig of oorhaastig kan reageer en of dít regtig op die lang duur die evangelie van Christus sou help? Of dit nie beter sal wees om soos die apostel Paulus in antieke Athene vol (Olimpiese) godebeelde, tereg “verontwaardig”, maar beredeneerd en met aanhalings uit die (Griekse) bronne te getuig oor dié God “deur Wie ons leef, beweeg en bestaan”; sommige hoorders by die sinagoge en op die markplein dalk selfs sou kon oortuig nie (Hand 17:16-34)?

Ons leef in ’n tyd van vinnige vals nuus waarmee mense onverhoord deur elke Jan Rap en sy Facebook-vriendekring verdoem word. Oor wat in ’n bokskryt by die Spele gebeur het, en met wie, of nie. Oor wat ’n Moeslim-prediker in een of ander oorgekoopte kerk oor die einde van die Christendom gesê het, waarookal. Oor of die mesaanvaller wat dertien kinders in Southampton verwond het, drie meisies noodlottig, ’n immigrant is of nie. Oor wat in ’n WhatsApp-groep by ’n Pretoriase dogterskool gesê is of nie. Oor “onskriftuurlike besluite van die algemene sinode” al dan nie. ’n Kommentator uit Amerika skryf onlangs in *Reformed Journal* oor die verwonde regteroor van oud-president Donald Trump en die afgekapte regteroor van Malgus, en daarby Jesus se woorde: “Bêre jou swaard” (Matt 26:52). Hoewel baie van ons nie ’n swaard of geweer het en hopelik nóg minder die wapen teen ’n ander sou opneem nie, sê Wesley Granberg-Michaelson dat ons álmal oor die dodelike wapen van ons tong – in ons 21ste eeuse idoom: ’n sleutelbord of selfoon – beskik; “violent speech has become, all too often, the weapon of choice” vir politici (én kerkmense). Ons noem mekaar name, demoniseer mekaar, voed valse narratiewe. Luther het gesê: ’n Leuen is soos ’n sneeubal – hoe langer jy dit rol, hoe groter word dit!

Hierteen is daar – benewens gebed, soos Jakobus ons vermaan – net een remedie: “Tolle! Lege!” Neem, lees! Lees in hemelsnaam nie net een vers nie, maar die hele perikoop. Lees self die primêre bron, die amptelike besluit, die volledige verklaring. Nie van hoorsê nie! Kyk die konteks en tydlyn van die bron. Sóós wat ons veronderstel is om die mees primêre Bron te lees: Gods Woord in die Skepping, die Skrif en die Saligmaker. “Want die letter maak dood” – nee wag, laat ek dit eietyds stel – die WhatsApp verwoes, “maar die Gees maak lewend” (2 Kor 3:6). *Ad fontes* was die leuse van die Renaissance én Reformasie; terug na die oorspronklike bronne. Dit laat ’n mens nederig. En leerbaar.

*Ds Jan Lubbe is predikant in die NG Gemeente Berg-en-Dal en moderator van die Algemene Sinode.*

## Kommentaar:

# Nuus, nadenke en nuttige dienste

Die koninkryk van God is anders as dié van die wêreld. Die vreemdheid van die koninkryk word veral duidelik wanneer die gelykenisse van Jesus van nader beskou word.

Só skryf prof Marius Nel vandeesmaand in sy *Kerkbode*-rubriek oor die Nuwe Testament wat aanlyn gelees kan word by www.kerkbode.co.za.

“In haar studie *The poor, the crippled, the blind, and the lame* het die Australiese teoloog Louise Gosbell die gelykenis van die groot feesmaal (Luk 14:15-24) vanuit ’n nuwe perspektief beskou,” verduidelik Nel.

Naas die kerknuus waarmee ons lesers digitaal bedien, help gewilde *Kerkbode*-medewerkers soos Nel en vele ander om ook stof tot diepe nadenke te verskaf.

Maar daar is nog ’n “n” om na te streef … naas nuus en nadenke. Dit is “nut”. *Kerkbode* se nuwe interaktiewe kalender is ’n poging van ons kant om gemeentes te help wanneer hulle ’n geleentheid beplan en wyd wil bemark. Sien die verduideliking onderaan bl 1 en gaan dagboek sommer self die fees, basaar, erediens of geleentheid waarheen julle mense wil uitnooi by kerkbode.co.za.

Nadia Marais

# Die geskenk van sagtheid

*what*
*massacre*
*happens to my son*
*between*
*him*
*living within my skin.*
*drinking my cells.*
*my water.*
*my organs.*
*and*
*his soft psyche turning*
*cruel.*
*does he not remember*
*he*
*is half woman.*

In Vrouemaand mag dit dalk juis gepas wees om hierdie aangrypende gedig van Nayyirah Waheed – getitled "from" – van nader te bekyk, want dit vra aan ons elkeen wat bereid is om daarmee gekonfronteer te word 'n belangrike vraag. Wat gebeur binne die sagte binnewêreld van ons kinders dat die sagtheid en sorg wat hulle binne die baarmoeder – volledig afhanklik van 'n vrou se liggaam – ontvang, later vergeet of ontken sou kon word?

Dit is meer as net 'n onvermoë of 'n onwilligheid om te onthou dat haar seun uit haar gebore is, en daarom die helfte vrou is, meen Waheed: dit is 'n slagting en 'n wreedheid. Die verkleinering, veragting, en haat van vroue het immers nie net op vroue 'n verwoestende effek nie. Patriargie sypel ook in die sagte psige van kinders in, waar dit verwoesting saai en uiteindelik wreedheid kweek – aldus hierdie gedig.

Hoe pleeg ons geweld teen vroue – ook in ons talle klein, oënskynlik onskadelike wreedhede – wanneer ons elkeen gebore is uit 'n vrou? Onthou ons dan nie …? vra Waheed.

In haar boek *Rediscovering friendship* (2000) skryf die Duitse feministiese teoloog Elizabeth Moltmann-Wendel oor die herinnering aan die eerste veiligheid wat ons almal – vroue én mans – van ons versorgers (en vroue spesifiek, in haar boek) ontvang: naamlik, sagtheid of teerheid. Ons onthou hierdie sagtheid as 'n baie spesifieke vorm van aanraking: naamlik, aanraking wat gerus stel en genees. Sagtheid is veel meer as net om sag te wees: dit is 'n herinnering aan ons oorsprong, ons eerste ervaring van ons medemenslikheid, en die kultivering van 'n gevoel van tuiskoms.

Sonder hierdie vroeë ervarings van sagtheid kan ons nie werklik sin maak van wie ons is nie.

Tog maak sagtheid – veral die sagtheid wat ons ongevraagd en onverdiend van ander ontvang – min sin binne 'n wêreld wat magsvertoon, onafhanklikheid en ongetraaktheid prioritiseer. Sagtheid werk immers met 'n heel ander logika: Ons word herinner aan ons hulpeloosheid, weerloosheid en broosheid eerder as aan eie energie, inisiatief en vryheid. Dit is deur die aanvaarding en beskerming van ander – eerder as ons eie keuses en kragte – wat ons groei en volwassewording moontlik gemaak word. Sagtheid is 'n geskenk van onvoorwaardelike en genesende liefde wat ons ontvang, maar waardeur ons ook genoop word om liefde aan ander – veral die mees weerlose onder ons – te gee.

Ons sou op hierdie punt die fout kon maak om sagtheid af te skryf as die domein van vroue en moeders; as iets privaat en apolities en mak. Maar sagtheid het juis 'n publieke gesig, meen Moltmann-Wendel: Dit behels 'n omwerping van onreg as deel van die toewyding aan aanraking en weerloosheid. Sagtheid vra daarom ook om protes teen dit wat rigied, droog en rasionalisties is. As 'dogter van God' bied sagtheid 'n alternatief tot patriargie en oorheersing, en staan dit in diens van alles wat lewegewend is.

Die penskets 'The Virgin and Child' – deur die Hollandse kunstenaar Gerbrand van den Eeckhout (1638) – beeld die sagtheid tussen Maria en Jesus op 'n treffende wyse uit. Jesus, gebore van 'n vrou, is nie net die skenker van sagtheid – insluitend aan diegene soos Judas wat binne ons logika dit dalk die minste sou verdien – nie, maar ook die ontvanger van sagtheid. Jesus ontvang die geskenk van sagtheid sy lewe deur, veral vanaf vroue – van sy ma Maria, maar ook van ander vrouefigure, soos Maria Magdalena.

Maria Magdalena is trouens juis binne Moltmann-Wendel se argument die beskermheilige vir sagtheid – nie omdat sy vrou of ma is nie (sy is dit juis nie), maar eerder omdat sy die lojale vriend en sagte gesellin van Jesus is. Hierin lê haar krag en haar voorbeeld vir ons: In haar sien ons hoe die kultivering van sagtheid (kan) lyk. Sy gee die geskenk van sagtheid – ook aan Jesus – as 'n uitdrukking van liefde. Daarom is Maria Magdalena 'n heenwyser na die sagtheid van God, wat belangstel in ons welwese en florering. Sagtheid is nie net liefde vir die groot en ingrypende sake nie, maar ook 'n liefde vir dit wat klein en onbelangrik blyk te wees.

Wanneer ons ons geloof bely, onthou ons die sagte God. As die belydende gemeenskap lê hierdie oomblik van onthou – waarna Waheed se gedig vra – aan die hart van die kerk se geloofsbelydenis. Ons bely – ons onthou – immers dat Jesus Christus gebore is uit die maagd Maria. Dit wil sê: Jesus, ons verlosser en saligmaker, is gebore van 'n vrou. Hiersonder is daar geen vleeswording, geen kruisiging, geen opstanding, geen verlossing nie. Hiersonder is daar geen goeie nuus van die evangelie nie.

Mag ons in hierdie harde dae sag word. Mag ons onthou.

*Dr Nadia Marais doseer Sistematiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch en is predikant by die NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen.*

## *Leser nuuskierig ná radio-onderhoud met Jan Lubbe*

**Henrietta Klaasing van Randfontein skryf:**
Op Dinsdag 23 Julie 2024 in die program "Op en wakker" het Pieter Steyn van RSG 'n onderhoud gevoer met ds Jan Lubbe. Wat 'n wonderlike geleentheid vir die leier nie net van die Algemene Sinodale Moderamen van die NG Kerk nie, maar ook van die Vrystaatse Sinode om 'n landswye gehoor te hê! Hy het onderhoudend vertel oor sy kinder- en jeugjare in Kuruman, oor sy roeping, sy gesin en sy familie. Ek het groot waardering vir sy kennis oor kerkgeskiedenis, filosofie, politiek en oor "kerkskeuring" in die dae van die AP Kerk en ook Kuyper se tyd; vir sy bereidheid om ruimte te gee vir huidige verskillende sienings in die NG Kerk. Sy woorde "bly weg van 'n magspel" is ook verblydend.

Daar is egter kwessies waarna ek 'n paar keer moes luister om seker te maak dat ek Lubbe nie misverstaan het nie:
Eenheid in die kerk – Stel Lubbe eenheid bo die waarheid van die Woord?
Menslike seksualiteit – Wetenskap, sielkunde en medici word genoem. Ek het gemis wat in die Bybel staan oor menslike seksualiteit?
Paaie na die hemel – Ek het gehoor daar word gesê elke mens moet sy eie smalle weg vind; hemel is waar God is en dit is in ons verhoudings met mekaar. Dit klink soos iets wat 'n guru sal kwytraak! Staan daar nie in die Bybel dat Jesus die enigste weg tot saligheid is nie?
Ek sal dit waardeer as Lubbe kan bevestig of ek reg gehoor het. Ek is seker daar is baie luisteraars wat ook soos ek, graag antwoorde wil hê.
Die onderhoud kan as 'n potgooi geluister word op RSG se webblad

## *'n Fees sonder ware hervorming?*

**Prof Johan Janse van Rensburg skryf:**
Hoewel ek die bespreking op Sondag 28 Julie se "Binnekamer" oor die NG Kerk en Hervormde Kerk se komende feesviering interessant gevind het, het ek met gemengde gevoelens verneem dat die Hervorming ook gevier sal word. Die kern van die Hervorming was tog die *sine qua non* van Skriftgesag. Die Skrif alleen is die grondslag van 'n gereformeerde belydenis. Tog weier die kerkleiers van die NG Kerk om die onskriftuurlike besluite van die verlede, waaroor ek en ander al so baie geskryf het, reg te stel of selfs vir heroorweging te evalueer. So sê ons vir die lidmate dat ons bly is oor die Hervorming en dit nooit sal vergeet nie, terwyl dit uit die Handelinge van die Algemene Sinode duidelik is dat ons gekies het om die Skrif deur buite-invloede (onder postmoderne invloed) te laat herinterpreteer, teen die opsigtelike bedoeling van die teks. *Sola Scriptura*?

## *Om as dissipels van Christus te funksioneer*

**Theo Badenhorst van Brackenfell skryf:**
Kerkwees kom neer op dissipelskap, die navolging van ons Here Jesus Christus. Twee gedagtes hieroor.

1. Kategese. Die kerk wêreldwyd is in sy penarie-toestand grotendeels omdat ons jeug nie voorberei word vir die kerklike lewe as dissipelskap nie. In die kategese moet dit oor een saak gaan, naamlik lewe in navolging van Christus. Dit behels ook dat die kerklike leer behandel word, maar nooit sonder die praktiese gerigtheid om Jesus te volg nie. Die leer gaan immers oor die evangelie van Christus, en hierdie evangelie bring ons by die nuwe lewe wat daar in Christus is. Hierdie nuwe lewe in Christus gebeur ook nooit sonder die gemeenskap van die gelowiges nie. Dit is kerkwees. Kategete moet dus dissipelmakers wees, ook om 'n kategeseklas te lei as 'n groep dissipels.

2. Verskilmakers. As 'n gemeente bestaan uit 'n skare dissipels, dan is ons 'n aksiegroep wat paraat is om die wêreld in te gaan en mense se lewe aan te raak.

Ek en my vrou was 'n paar jaar lank in Japan – tot 2010. Ons indruk was dat die kerk in Japan 'n oorlewingstryd stry. Dit maak dat die kerk baie na binne gekeer is en nie positief na buite kyk nie. Dit was die posisie tot die tsoenami van 2011. Na die tsoenami moes die kerk eers vergaderings hou (bv sinodaal) om te bespreek wat gedoen kon word.

Totdat 'n jong dominee besluit het dat hy handtastelik gaan ingryp. Hyself – met helpers – het gegaan en mense (nie net Christene nie) se huise wat oorstroom is skoongemaak.

Die Japanse kerk het in daardie land van vele rampe nie so iets geken nie.

Ook in ons land: Hoekom hoor ons met rampe dat Gift of the Givers op die toneel verskyn? Waar is die kerk? Hoe paraat is ons om onmiddellik die nood aan te spreek? Met droogtes en vloede skep ons geleenthede om skenkings te maak, maar hoe dikwels is ons dadelik op die toneel?

Ek herinner my dat in ons kweekskooltyd daar in die Suid-Kaap oorstromnigs was – 1975? Een van my klasmaats het spontaan 'n groep begin om dadelik prakties in die rampgebied hulp te verleen. Dit is dissipelskap. Watter verskil kan dit maak as die kerk daar is waar die nood is? As ons as dissipels van Christus funksioneer, sal ons weer die klanke hoor van Handelinge 5:13: "… die volk (het) hoë agting vir hulle gehad".

**Podsending by kerkbode.co.za:**

## DJ en Nadia Muller: Oor roeping, seerkry en genade

**HELÉNE MEISSENHEIMER**

Die een het sy roeping gehoor onder 'n boom in Mosambiek. Die ander hare tydens 'n erediens in 'n kerkgebou. Na 'n paar interessante ompaaie het ds Nadia Muller haar man, DJ, onlangs as tentmakerleraar bevestig – boonop by die einste gemeente waar sy leraar is.

DJ werk ook as inhoudskepper by Kaapkerk en neem troufoto's en video's terwyl Nadia ook netbal afrig. Hulle is ook die ouers van twee pragtige dogtertjies. Die twee besige mense vertel hulle storie. Van waar hulle ontmoet het as teologiese studente op die Universiteit van Pretoria se kampus. Getrou het en saam by hulle eerste gemeente op die Noord-Kaapse platteland begin bedien het. Hier was DJ die gemeenteleraar wat sy vrou as leraar bevestig het.

In die tien jaar sedert toe en nou lê 'n hele stuk leef. Onder meer 'n worsteling met presies wat roeping vir hulle elkeen beteken en 'n dankbare hart vir genade.

# Eva Krotoa word vereer

LE ROUX SCHOEMAN

Daar is op 26 Julie 'n oorspronklike kunswerk wat die tragiese maar ook merkwaardige lewe van Krotoa herdenk by die Groote Kerk in Kaapstad bekendgestel.

Die skildery bring ook Krotoa se lewe met die NG Kerk in verband. Tradisionele leiers, plaaslike politici, sowat 50 gaste, asook di Marietjie Steyn en Riaan de Villiers van dié historiese gemeente, het toegekyk hoe die kunstenaar Dieuwke-Jean Linee teen sterk skemer die muurportret van agter 'n swart doek onthul in die smal steeg waar die kerkgebou se kloktoring, wat uit 1704 dateer, pryk.

"Sy is die moeder van ons nasie," het Danab Bradley van Sitters oor Krotoa gesê, 'n Khoekhoen-vrou, wat onder meer as tolk vir die Nederlandse koloniste opgetree het en in 1662 gedoop en as lidmaat bevestig is in dié gemeente wat haar lewe nou herdenk.

Susanna Swarts, al die pad van Van Rhynsdorp, het gesê sy kry Krotoa eintlik jammer. "Sy was eintlik 'n slaaf. My hart gaan uit oor haar. Maar die trane moet ek terughou."

Oor Linee se kunswerk, wat die dualiteit van Krotoa se lewe uitbeeld

**Die kunstenaar Dieuwke-Jean Linee voor haar kunswerk teen die muur van die Groote Kerk.**

as twee aparte figure waarvan een huil, het Swarts gesê: "Dis trane wat rol, dis oë wat praat. Dit vra om hulp, dit vra om vergifnis, dit vra om mens te wees."

Linee, die kunstenaar, vertel: "Krotoa was ook bekend as Eva van Meerhof, die naam wat aan haar gegee is deur kolonialiste. Dit is een persoon, maar twee dele van haar lewe wat ek uitbeeld."

Niemand het net een storie nie, het Steyn in 'n verwelkomingswoord gesê. "Vir baie is hierdie plek (Groote Kerk) 'n plek van uitsluiting.

Ons kan nie en ons sal nie daardie storie ontken nie. Maar dit is nie die enigste storie nie. Dit is ook die gemeente wat Krotoa gedoop het. Waar sy van die nagmaalbeker gedrink het," aldus Steyn.

In 'n verklaring het die Groote Kerk die viering, wat ook op die vooraand van Vrouemaand in Augustus val, as volg verduidelik: "Amongst the many former Cape governors, political figures and rich landowners buried at the Groote Kerk, lies the mortal remains of a truly significant ancestor whose life and story is an important reminder of the various challenges and traumas that we continue to face as society and country today. Hers is a story of loss, displacement, abuse, hope, courage and strength which tragically ended in rejection and abandonment. This remarkable South African woman who was named Krotoa at birth, and later baptised Eva by our congregation died on 29 July 1674.

"She is described as translator, negotiator and peacemaker and on the weekend of 26-28 July 2024 we will celebrate the life and story of Krotoa – Eva, the first Khoi member of our Groote Kerk congregation, together with a variety of partners and collaborators we will host the following weekend program and members of the press are invited to attend."

# Willem van Zijl: Boekemaker en boekevriend groet

GERDRIE VAN DER MERWE

Met die dood van dr Willem van Zijl (91) op 12 Julie 2024, groet ons 'n leraar wat in sy leeftyd bekendheid verwerf het as uitvoerende voorsitter van die NG Kerk-Uitgewers (NGKU).

Dr Willem en die briljante ds Norval Geldenhuys (1918-1964), is na my mening twee leraars wat die afgelope eeu in Suid-Afrika, meesters was om die Christelike boek in studeerkamers en huise van lidmate te bring. Elkeen se invloed in die boekewêreld en uitgewersbedryf is onbeskryflik groot, wat elkeen 'n legende in hulle leeftyd maak.

Willem Jacobus van Zijl is op 3 Augustus 1932 gebore in die distrik Albertinia en studeer op Stellenbosch waar hy einde 1956 gelegitimeer word. Hy bedien die NG gemeentes Robertson en Port Elizabeth-Sentraal en word in 1966 besturende direkteur en in 1979 uitvoerende voorsitter van die NGKU.

In 1992 raak hy betrokke in die tentmakerbediening by Ebenhaeser, waar hy in 1996 sy emeritaat aanvaar. Hy verwerf 'n doktorsgraad in die Teologie op Stellenbosch met die tema: "'n Kerkhistoriese bibliografiese studie van die boek as draer van die Nederduitse Gereformeerde belydenis in Suid-Afrika, 1652-1965". Dit word in 1992 uitgegee in boekvorm: *Van seepkis na wakis na boekrak*.

Ds Willem van Zijl het in die 1970's en 1980's die NGKU uitgebou tot 'n sterk uitgewery met kleinhandelafsetpunte in al die groot stede. 'n Depot is ook by die Kweekskool op Stellenbosch geopen, wat verseker het dat in die hoogbloeityd van groot klasse studente boeke kon koop. Talle teologiese handboeke word uitgegee en verkoop, terwyl boeke van ds Solly Ozrovech en ds Izak de Villiers soos soetkoek verkoop. Die NG Kerk se Psalm- en Gesangboek van 1978, is onder leiding van ds Willem uitgegee en het bygedra tot die finansiële sukses van die uitgewery. Die NGKU en sy sustersmaatskappy Lux Verbi, leef as 'n druknaam van NB Uitgewers voort. Na dr Willem se aftrede is hy opgevolg deur ds Stephan Spies, 'n boorling van Schoemanshoek waar ons grootouers kerklik meeleef in die NG Gemeente Kango-Valleie. Met sy entoesiastiese wakker sakebrein, is hy as jong leraar 'n waardige opvolger van ds Willem van Zijl.

Prof Johannes Froneman skryf: "Willem van Zijl was 'n vernuftige sakeman wat sy leserspubliek goed verstaan het. Met 'n Bertha Smit as redaksiehoof aan sy kant, kon hy 'n wesenlike bydrae maak tot die Christelike boek in Suid-Afrika. Daarvoor kan hy gerus onthou word". Hy was 'n merkwaardige man met 'n eiesoortige uniekheid in die boekebedryf. Prof Pieter Potgieter onthou ds Willem as 'n briljante strateeg en voorsitter, 'n innemende mens met waardes wie se ingebore liefde vir boeke legendaries is. 'n Merkwaardige mens met 'n eiesoortige uniekheid.

Dr Willem van Zijl se herinneringsdiens in die Strand, word waargeneem deur sy vriend ds Kobus van der Westhuyzen. Hierdie begenadigde man van God en voorheen van die Groote Kerk in Kaapstad, bring die trooswoord uit die Heidelbergse Kategismus, oor ons enigste troos in lewe en dood. Dit bring groot troos aan dr Willem se vrou Arina, familie en vriende.

By geleentheid is ons by 'n kerklike dinee in Kaapstad wat deur die NGKU aangebied word. Saam aan tafel is ds Solly Ozrovech, prof Pottie Potgieter, prof Tobie Hanekom, prof Johan van der Merwe (Hugenote Kollege) en argivaris ds AP Smit. Na 'n gesprek oor of daar boeke in die hemel sal wees, voel ons ongemaklik in die teenwoordigheid van Johannes Calvijn se regterhand in Suid-Afrika, die alom geliefde oom Pottie Potgieter van Stellenbosch.

Op daardie oomblik sluit die sjarmante gasheer, ds Willem van Zijl, by ons aan en herinner ons dat daar in Maleagi, die laaste Bybelboek in die Ou Testament en in Openbaring, die laaste boek in die Nuwe Testament, geskryf word oor die gedenkboek wat geopen word en oor die boek van die Lewe met ons name daarin. Die spanning is gebreek. Wens ek kon vir oom Willem van Zijl vandag vra: Is daar boeke in die hemel?

Kerkgebou van die NG Gemeente De Aar. Foto: Rudolph van der Merwe

# Nuwe energie sigbaar onder sewe Noord-Kaapse gemeentes

'n Nuwe energie kom los wanneer gemeentes glo hulle het 'n toekoms op hulle dorp, selfs al is hulle sonder 'n vaste predikant. En daardie besef begin by die kerkraad. Dit is haar belewenis, sê **ds Marizanne Wessels** van die NG Gemeente De Aar, die enigste gemeente met 'n vaste predikant in 'n ring van sewe gemeentes in die Karoo.

Sy vertel dit gee haar en almal hoop om in die Ring van Hanover te sien dat dinge wat doodgeloop het weer begin gebeur soos huisbesoek en pannekoekbak vir fondse. Dit gee almal hoop. Hierdie 29-jarige leraar, wat ook onlangs vir die eerste keer ma geword het, deel wenke wat sy en haar kerkraad ontdek het werk.

**Nog 'n Karoo-dorp wat stiller geword het**

Daar was 'n tyd wat 'n mens sou opmerk 'ek bly op De Aar se stasie' om daarmee te sê jy bevind jou waar baie dinge gebeur. Die De Aar van vandag is veel stiller. Soos vervoervoorkeure verander het, het die aantal treine al minder geword wat aandoen by hierdie eens strategies belangrike treinhalte tussen die Kaap en Kimberley. So min treine ry deesdae daar dat Marizanne vertel sy skoon geskok was toe sy nou die dag op 'n plaaspad moes stop en wag vir 'n trein om verby te kom.

Dit is skaap- en ook wildjagwêreld. Semi-woestyn en meestal droog.

Nie net treine is minder nie. Die tradisionele lidmaatpoel van die dorp se drie NG kerke het ook gekrimp. So het Marizanne se gemeente ontstaan uit die ou Suid- en Moedergemeente. Hulle sowat 586 lidmate is meestal boere en meestal afgetrede werknemers van Eskom en Transnet met hulle gesinne.

De Aar se twee gemeentes is deel van die Ring van Hanover. De Aar-Noord sowel as vyf van die gemeentes in omliggende dorpe is sonder vaste leraar. 'n Scenario wat al meer algemeen raak in die wye sinode van die NG Kerk in Noord-Kaapland, hoor 'n mens toenemend op sinodale saamtrekke.

**Leraar by wie sewe gemeentes raad vra**

Dié skaarste aan predikante beteken nie net dat Marizanne sonder kollegas naby haar is nie. Sy is ook al een op wie se knoppie gedruk word om as konsulent op te tree wanneer die ander gemeentes in hulle ring kerkraadsvergaderings hou, anders kan hulle nie besluite neem nie. So ook vir elke doop- en nagmaalsdiens.

In kort, die eise wat dit aan haar gestel het was menslik onmoontlik om vol te hou, veral as 'n mens in gedagte hou van die omliggende gemeentes is 60 km ver op paaie sonder selfoonsein en dat van die kerkraadsvergaderings in die aand gehou word.

Dit voel by tye asof sy dag en nag gebel word, vertel hierdie jong ma. Selfs tydens haar kraamverlof (haar eersteling Marco-Jacques is in Augustus gedoop). Dit te midde van die uitdagings wat 'n plattelandse omgewing bied, waarin gemeentes swaar trek met minder en ouerwordende lidmate, stygende lewenskoste en krimpende inkomste, want die eerste aksie wat stop wanneer 'n gemeente moed verloor is fondsinsameling.

Marizanne en haar man het so twee en 'n half jaar terug die Kaap vir die platteland verruil. Haar man werk aanlyn van die huis af vir 'n Kaapse rekenmeesterfirma.

Sy en haar kerkraad het dus vinnig besef hier moet plan gemaak word of sy gaan uitbrand.

**Reaksie tot die uitdaging: Kerkrade en 'n streeksinode wat sorg en inisiatief vat**

'n Belangrike insig wat 'n mens hoor by Marizanne is dus die besef van haar eie beperkings as enigste leraar. Soos sy verduidelik is dit onmoontlik om van een predikant te verwag om aan sewe gemeentes unieke aandag te gee terwyl jy gelyktydig ook die gemeente wat jou beroep het ten volle bedien.

Sy noem haar kerkraad haar grootste bate. Hulle belewenis as gesin is dat die kerkraad haar ondersteun en probeer om haar te beskerm. So byvoorbeeld het haar kerkraad besluit sy moet toegelaat word om vergaderings buite die dorp aanlyn by te woon.

Tweedens het sy by hulle streeksinode 'n gewillige oor gevind wat graag na haar luister en haar met raad help. Marizanne spot sy bel so gereeld vir ds Christo Jonck, hulle predikant in sinodale diens (PSD), dat sy dink "hy maak al sy dagboek skoon as hy sien dit is weer ek wat bel". Hy help haar ook om predikante van naburige ringe te kry wat van die verantwoor-

delikhede kan help dra.

Sy sit ook gemeentes direk in kontak met hom. Die laaste maande hoor sy dat gemeentes self die sinodale kantore begin bel vir raad en leiding.

**Wat is 'n aanduiding van sukses? Gemeentes wat eienaarskap neem**

So hoe gaan dit met die gemeentes wat sonder predikant is? Daar is gemeentes wat lidmate verloor weens die onsekerheid oor hulle toekoms en daar is ook gemeentes wat seergekry het toe hulle laaste predikant weg is. Dit is dus nie net 'n mooi storie nie. Soos Marizanne opmerk, hulle ring se verhaal is een van gemeentes wat op soek is na hulle plek in hulle dorpe se toekoms. Maar in die laaste jaar sien en hoor sy by van hierdie kerkrade 'n nuwe energie en hoop. Dit is bemoedigend.

So het Philipstown se gemeente 'n nuwe kerkraad en voorsitter wat weer begin met huisbesoek. Hulle reël ook gemeentebraaie om die mense bymekaar te kry. Die vure brand al vroegaand hoog. Die Vanderkloof-gemeente het ook 'n nuwe kerkraad en hulle het weer met pannekoekverkope begin om fondse in te samel.

Dit gee haar nuwe hoop en energie wanneer sy hoor dat gemeentes bedieninge en fondsinsamelings hervat, vertel Marizanne, want, voeg sy by, "niks rondom hulle situasies lyk anders nie, buiten dat hulle glo dat hulle gemeente 'n toekoms op die dorp het. En dit begin by die kerkraad".

Sy sê ook dit gee haar hoop om te sien dat gemeentelede besef die kerk behoort nie aan predikante en skribas nie, "dit behoort aan elke hand en voet wat oor daai drumpel van die kerk kom". So begin sien hulle ook dat lidmate begin hand opsteek vir teologiese opleiding. Op Philipstown het 'n lidmaat reeds Hugenote Kollege se bedienaarskursus voltooi en is nou besig met 'n aanlyn kursus in pastoraat. In haar gemeente gaan die vrou wat die kinderbediening hanteer volgende jaar begin met die diensleraarkursus.

**Twee van De Aar-gemeente se pannekoekbaksters, Vickey Greyling en Anda Nel.**

**Marizanne en haar man Cornel met hulle eersteling, Marco-Jacques.**

**So lyk 'n tipiese plaaspad vir huisbesoek …**

En in haar eie gemeente? Al groei hulle gemeente reflekteer dit nie noodwendig in hulle inkomste nie, maar Marizanne sê haar maatstaf vir sukses is eerder lidmate wat betrokke raak. Daarin sien sy oral groei. Meer mense woon die eredienste by op Sondagoggende (135-150 teenoor 100-120 in Covidtyd). Die kinderkerk en die kategese groei ook.

Met hierdie jaar se basaar was daar amper meer mense wat gehelp en gewerk het as wat daar was om te kom koop …

# 'Ons sal meer diensleraars moet gebruik'

*Kerkbode* het PSD **ds Christo Jonck** gevra oor die predikantenood in die Noord-Kaap en wat gedoen word om dit aan te spreek. Hy vertel meer:

*Die Noord-Kaap is die grootste provinsie in Suid-Afrika (beslaan 30,5% van die land), maar het die kleinste bevolking. Slegs 2,2% van die land se bevolking woon hier. Die ekonomiese groeikoers is een van die laagste in die land.*

*In die NG Kerk in Suider-Afrika word die aanbod van beskikbare voltydse predikante al minder. Aan die een kant is daar 'n beduidende getal (348) predikante wat tussen 60 en 65 jaar oud is, wat beteken hulle moet almal binne die volgende vyf jaar aftree.*

*Verder neem die getal teologiese studente af. Daar studeer tans 112 studente om predikant te word.*

*Die NG Kerk in Noord-Kaapland is die sinode met die derde minste gemeentes. Hierdie situasie dra daartoe by dat gemeentes wat vakant is en 'n leraarspos adverteer, baie min aansoeke ontvang.*

*Dit gebeur ook toenemend dat leraars beroepe na gemeentes in ander provinsies aanvaar.*

*Verder is byna 30% (19 van die 64) van die leraars in hierdie streeksinode 65 jaar of ouer.*

*Om oor 'n pad vir kerkwees vorentoe te besin, is die laaste paar jaar kursusse aangebied met tema's soos: Kerkwees in die Noordkaap, die kerk van die toekoms, en onlangs, 'n werkswinkel met die tema: 'n Nuwe bediening vir 'n nuwe toekoms.*

*Hierdie kursusse het ons meer bewus gemaak van ons identiteit, van wie ons is in God die Vader. Daaroor word trinitaries gedink. Ons dink opnuut oor die verskillende ampte, veral die amp van gelowige.*

*Die opleiding van lidmate as bedienaars van die Woord en die aanbieding van 'n pastoraatkursus sien ons as stappe om gereed te wees vir die toekoms. Ons prentjie van die toekoms is dat ons al hoe meer van diensleraars en bedienaars van die Woord gebruik sal moet maak.*

*Ons is kerk binne bepaalde gemeenskappe. Dit is hier waar die Here die plaaslike gemeente roep en wil gebruik. Ons gee tans klein eerste stappe. Ons bou prototipes en toets modelle. Ons besef dat die drie-enige God met ons op 'n nuwe, opwindende pad na die toekoms is.*

# ‘Ons sal mekaar waarskynlik nie oortuig nie, máár …’

**Frits Gaum** gesels met Le Roux Schoeman oor die hof, die kerk en kanker.

Deur ’n veiligheidshek, verby ’n rolbalbaan en in by die smal sitkamergedeelte van die kommunale eetsaal by ’n aftree-oord in die noordelike voorstede van Kaapstad. Daar tref ’n mens hom aan. Donsveerbaadjie, sweetpakbroek. Afgetrede dominee, die 17de redakteur van ’n 175-jarige kerkkoerant, en die prominentste lid van ’n groep lidmate wat die NG Kerk in 2017 hof toe gevat het. Hy sit met sy rug na die muur. Oë stip op die deur waar hy sy onderhoudvoerder verwag. Op 84 is Frits Gaum nog oorgehaal. “Apartheid het meegebring dat die (NG Kerk) baie stommer raak. Hy doen dalk meer wat ’n kerk behoort te doen as in die verlede, maar die kerk is nie so erg betrokke by die politiek as wat dit ’n tyd lank die geval was nie,” sê Gaum. En dit pla hom. “Die feit is, die kerk het besluit om liewer sáám met ander kerke te praat en nie ’n eie stem te laat hoor nie.” Hy voeg by dat ds Jan Lubbe, moderator van die NG Kerk se Algemene Sinode, se onlangse bydraes op RSG se aktualiteitsprogramme bemoedigend is.

Die onderhoud met Gaum voel skielik soos ’n 800 m-wedloop wat teen die tempo van ’n 400 m gehardloop word. Dit is 21 minute sedert my aankoms by die aftree-oord en drie goed figureer reeds sterk met ’n vierde wat wag:

> Bogenoemde punt oor die NG Kerk se post-apartheid-stilte.

> ’n Mededeling oor slegte mediese nuus. “Op die oomblik is my gesondheid nie so goed nie en en my vrou het verlede week geval,” vertel Gaum. “Sy was in die hospitaal. So ons gaan deur ’n moeilike tyd om verskillende redes.”

> Dan is daar ’n bestelling van twee koppies tee waarna daar herhaaldelik verwys word maar wat eenvoudig nie uit die lawaaierige kombuis manifesteer nie.

> Die vierde punt is die hofsaak wat Gaum en 11 ander in 2019 teen die NG Kerk gewen het. Die dispuut was oor besluite by die buitengewone sinode van 2016. Dit hou verband met kerkreg, met hoe die Bybel gelees en verstaan word, met die regte van gay mense binne die NG Kerk … En dit is tot vandag ’n onderwerp wat die NG Kerk polariseer. Gaum bied ’n oorsig: “Kyk, ons is baie kwalik geneem dat ons na die hof gegaan het. Dit was ’n uiters ongewilde ding … en niemand wou dit graag doen nie … Wat ek nooit kon begryp nie, is dat mense nie die verband kan sien tussen die kerk se optrede teenoor gay mense en Apartheid nie. Dit gaan oor onreg, meen hy. “Op die ou end was daar nie ’n keuse (anders as regsaksie) eintlik nie.

“Die kerk het draaie gegooi en draaie gegooi. En toe het ons hof toe gegaan met die hele besigheid en uiteindelik die saak gewen. Wat goed is en ek dink dit het die kerk twee keer laat dink oor die hele besigheid. En nou is daar besluite geneem oor die gay-kwessie wat beter is, maar ook nog nie heeltemal wys dat die kerk positief praat (oor homoseksualiteit) en sê dit is normaal, dis ’n manier van lewe, en as jy nou mooi kyk na die Bybel en wat die Bybel alles wel sê oor verskillende verhoudings is dit beslis ook in lyn met dit wat die Bybel uiteindelik sê: jy moet jou naaste liefhê soos jouself, om dit nou maar so te stel.”

> **“Kyk, ons is baie kwalik geneem dat ons na die hof gegaan het. Dit was ’n uiters ongewilde ding**

### Terugblik en refleksie

Indien ’n mens ’n volstrekte Sinatra-agtige *I did it my way*-roetine in ’n gesprek met Gaum verwag het, sal hy jou verras met ’n eerlikheid oor beide prestasies en tekortkominge. As jong dominee op Kuruman was hy té seker … dit weet hy nou, sê Gaum. Hy herroep dadelik sy koerantdae by *Kerkbode* as ’n mens hom vra na arbeidsgenot: ’n Onderhoud met ’n intens teenwoordige Desmond Tutu, en ’n wonderlike gesprek met Cecile Cilliers … PW was moeilik en Mandela se dagboek het bitter min tyd toegelaat, onthou Gaum oor sy ander groot “onherhaalbare” gesprekke met mense wat nou al saliger is.

Nou, aan die ánder kant van die stem-opnemer, laat Gaum die gesprek toe om wyd te draai, ook by vrees, geloof, twyfel. En by die kanker wat onlangs by hom gediagnoseer is. “Ek het slegte nuus gekry, ek het nou kanker. En dit lyk my nie daar is veel aan te doen nie. Ek het nie so baie tyd nie, lyk dit vir my.”

### Oor invloed

Gaum het in 1986 as redakteur by *Die Kerkbode* (deesdae net *Kerkbode* genoem) ingeval. Hy het gehou van sy voorganger (“hy was ’n liewe oom, maar nie ’n redakteur nie”), maar was diep onder die indruk van die vele maniere waarop *Die Kerkbode* sou moes verbeter. Kleur, uitleg en opinie. En die grootste hiervan was opinie. Oor sake van die dag. “Wat sê die kerk oor …” klink vir ten minste hierdie leser op as ’n soort refrein in die koerant se blaaie gedurende Gaum se termyn as redakteur, wat in 2005 afsluit. “Dit was vir my belangrik, *Kerkbode* sê sus of só,” bevestig Gaum.

En daar was inderdaad “hot takes” op als van Sondagsport, Apartheid, WVK, porno, perdewedrenne, evolusie en orrelmusiek. Later in sy lewe sou Gaum daardie kernoortuiging ten opsigte van debat en polemiek so verwoord: Kerkleiers moenie alle lewensterreine verkerklik nie, maar wel verkoninkryk.

Nou voeg hy by oor die koerantwese: “Jy moenie jou invloed onderskat nie, maar ook nie oorskat nie.” Hy haal die prominente oud-redakteur van *Die Burger* wyle Piet Cillié aan, wat ’n storie vertel het van die redakteur van ’n blaadjie iewers in die Weste van Amerika wat (tydens die Tweede Wêreldoorlog) verwoed in die nuuskantoor gesit en tik het totdat iemand hom vra waaraan hy dan so woes werk: “Ek gee vir Hitler hel,” was die skrywer se antwoord! Gaum lag. “Jy moet weet jy het ’n bydrae om te lewer, maar jy moet ook beskeie wees.”

**Luister na die podsending van die onderhoud op kerkbode.co.za**

### Baie vermag, maar te veel probeer doen

Frederik Malherbe Gaum is in 1940 in Germiston gebore en studeer eers aan die Universiteit van Pretoria voor hy sy teologiese studie aan die Universiteit Stellenbosch voltooi. Later, tydens ’n MA in Joernalistiek, onder bogenoemde Cillié, spits Gaum hom toe op wat spesifiek kerkjoernalistiek moet wees – en gaan bestudeer die wyse waarop kerkkoerante in die VSA en die Engeland dit benader. Veral die kwessie van joernalistieke onafhanklikheid het hom geïnteresseer. En vrae soos: Is dit “die kerk se stem” of “’n stem in die kerk” het ’n dringendheid gehad wat dekades later ietwat vreemd op die oor val in die kleiner en polities minder magtige NG Kerk.

Gaum was Bybelkor (vandag Bybel-Media) se eerste uitvoerende direkteur. Die groot besigheid van kursusboeke versprei, van tydskrifte (*Die Voorligter*, wat later omskep word in die tydskrif *LiG*), en van die NG Kerk se Jaarboek. En dan *Die Kerkbode* wat onder sy leiding op ’n kol as invoegsel binne Media24 se koerante (*Beeld, Volksblad, Die Burger*) verskyn en op daardie manier ’n pieksirkulasie bereik.

Maar Gaum was nie ’n buitestander soos joernaliste soms is nie. Hy was ook “ingebed in die sinodale strukture van die NG Kerk,” skryf die teoloog prof Johan Buitendag in die kort voorwoord tot Gaum se boek *Kerk oor die muur of oor die rubicon?* (Naledi, 2020). Gaum dien as skriba en moderator van die Wes-Kaapse sinode van die NG Kerk en van 1990 tot 1998 as skriba van die Algemene Sinode, lees ’n mens in die elektroniese *Christelike kernensiklopedie* (eCKE), waarvan Gaum nog in sy agtste dekade die redakteur is. Het daardie baie werk (op een kol het hy drie verskillende kantore gehad en die land vol gevlieg, hoor ’n mens) ’n skadu oor sy persoonlike lewe gegooi? “Ons het te veel goed probeer doen,” sê Gaum nadenkend. “Televisie en radio … Ek het te groot gedink vir die kerk. Ons wou gehad het die kerk moet op die mediaterrein ’n rol speel.” En sy gesinslewe? “Ek voel soms dat ek my gesin … nie genoegsaam pa vir hulle was nie. Hoewel ek en Laurie (sy een seun) ’n boek geskryf het waarin hy sê dit is nie so nie.”

Die hofsaak teen die kerk het beide Gaum se *insider* én *outsider*-status geproblematiseer en sy eie “storie” met die NG Kerk is steeds aan ’t ontwikkel. “Die hofuitspraak het regsekerheid gegee oor hoe appèlle in die kerk hanteer moet word, dat nuwe besluite nie geneem kan word sonder om voriges oor dieselfde saak in soveel woorde te vervang of te wysig nie, en dat onbillike diskriminasie teenoor haar lidmate vir die kerk taboe is,” skryf Gaum op bl 229 van *Kerk oor die muur of oor die rubicon?*

Wat van diegene binne die kerk wat nie sy Skrifverstaan oor die gay-saak deel nie, wil ’n mens by hom weet. “Ek dink ’n mens moet aanvaar, in die kerk sal daar meningsverskil wees. En nie mekaar beskuldig van goed, soos dat jy die Bybel minag nie … Ek dink ’n mens moet probeer eerlik, respekvol en geduldig met mekaar wees. Maar ons sal mekaar waarskynlik nie oortuig nie. Daar is nou nog ouens wat dink apartheid was okei, soos dit toegepas is. In die kerk ook. Hulle is onoortuigbaar.”

### 84 is ’n goeie ouderdom

Die twee koppies tee wat ons bestel het, arriveer so 60 minute laat vanuit die bedrywige eetsaalkombuis en een spanningslyn is daarmee heen. Wanneer die gesprek effens eb vra ek uit na iets wat opval binne ’n ander voormalige *Kerkbode*-redakteur se memoir oor dié se 16 jaar as redakteur van *Die Kerkbode*. Die skrywer wy een bladsy en twee paragrawe aan die onderwerp: Blapse en humoristiese insidente … Kan dit wees, wil ek weet, dat anderhalf-dekade so ’n humorvrye sone kon wees? ’n Moedige poging volg waarin Gaum verduidelik oor strokiesprente wat hy ten minste probeer inbring het, en tonge wat wel in kieste was … “Ek het probeer dat dit nie net dodelike ernstige sake was nie …” Hy dwaal af en ons drink saam tee.

Die storie van die dag is ten slotte Gaum se gesondheid. Hy praat woord-ekonomies daaroor. “Toe ek ’n jong ou was, toe ek 35 was het ek kanker gekry … en gelukkig ontslae geraak daarvan, het ek gerek-en, maar mettertyd het dit begin lol en nou regtig ernstiger afmetings aangeneem,” vertel Gaum. Dan in ’n harder stem: “Ek sê baie keer, hoe oud wil ’n mens nou word! 84 is ’n goeie ouderdom. Ek het baie gedoen, baie foute gemaak, baie goed wat miskien ook nie foute was nie. Maar ek het baie om voor dankbaar te wees. En ’n mens kan nou ook nie vir ewig hierso lewe nie.”

# *Boek waarin Dana die spoor van die waarheid vat, sny diep*

***Seun* deur Dana Snyman**
**Tafelberg, 2024**
**Resensent: Laurie Gaum**

Dana Snyman het sy pad al geruime tyd gelede gevind tot in die hart van die volk. Hy kry dit reg om algemene vrese en ervarings so raak te verwoord dat hy self al bekommerd was dat dit lesers kan laat vasval in nostalgie eerder as wat dit hulle in die spieël laat kyk. Maar Dana skryf fyn genoeg dat hy jou as 't ware in die web van jou eie emosies vasvang en dan met 'n diep waarheid konfronteer.

Wanneer Dana (verskoon maar die familiariteit; hy's tog volksbesit) in *Seun* die spoor van die waarheid vat, is dit soos altyd ingebed in sy ervaring. Dis die pynlike evarings van sy grootwordjare in 'n predikantshuis wat hy onder die vergrootglas bring, van 'n pa wat by die AWB aansluit, selfs op die ou end op Ventersdorp in Eugène Terre'Blanche se skaduwee gaan bly. Maar sentraal in hierdie verhaal staan Dana se Weermag-ervaring, dit wat van hom 'n man moes maak volgens die ou bedeling se terme. Dinge draai dus om hierdie manwees en die verwagtinge wat daaraan gekoppel is.

As jy jou as 'n buitestander in Apartheid-Suid-Afrika belewe, voorspel dit niks goeds nie. Dana se sensitiewe waarnemingsvermoë maak van hom dít: "Die een wat in 'n boom sit, alleen, en kyk wat die ander doen" (bl 65). Oënskynlike *random* waarnemings word gelaag om grein te gee aan die vertelling. Só word die dreunende Putco-busse deur Pretoria simbool van die alomteenwoordigheid van die swart ervaring, al is dit dan uitgeskuif na die rand van die wit bewussyn.

Dana beland in stryd met 'n soort konvensionele manlikheid. Hy máák dit nie tydens die basiese Weermag-opleiding nie omdat hy 'n korporaal teengaan. Dit laat hom in die psigiatriese saal van 1 Militêre Hospitaal op Voortrekkerhoogte beland. Daar tref hy diegene aan wat "bossies" geraak het van die aksie wat hulle op die grens gesien het, sowel as diegene wat onder dr Aubrey Levin se aversieterapie van hulle gay-wees genees moes word. Hy word self geklassifiseer, want wat maak 'n mens tog met iemand wat sulke diep vrae vra?

Ek het in *Seun* van die mees roerende beskrywings nóg vanuit 'n oorwegend-heteroseksuele ervaring van die vloeibaarheid van seksualiteit gevind. Dit is onder andere dít wat Tim du Plessis hierdie 'n "dapper memoir" laat noem. Dana bly sekuur na aan die senuwee sny, gee woorde aan moeilike emosies, en skrik nie vir suggestie en oper eindes nie. Soos in sy rubrieke bly hy by eenvoud en vertrou in die krag van blote vertelling.

Syne is 'n alledaagse storie wat diep resoneer, onder meer in Charl-Johan Lingenfelder se merkwaardige fliek *Kanarie* en Anelia Heese se boek *Diensplig: Hoekom stotter ons pa's so?*. "Soveel van wat ek eens geglo het oor God, die Kerk, die Nasionale Party, my Christelik-nasionale opvoeding en die army kan ek nie meer glo nie" (bl 207). Dana gee die vrese en woede van hierdie tydsgewrig weer. Hy herbesoek sy "onverwerkte herinneringe" (bl 225). Só kom sy geboorte tot voltooiing.

Hy herinner ons dat baie meer van ons ons dalk buite die voorgeskrewe verwagtinge bevind en dat dit dus 'n gedeelde ervaring vir baie mense is. Meer wil ek nie sê nie: Lees dit in Dana se taal.

*Laurie Gaum werk saam met Genderworks.*




**Kerkbode 175:**

## Dankie vir steun met dokkie-idee … ons vorder stadig maar seker

**Ons sê dankie vir die lesers wat reeds sedert 19 Julie beursies oopgemaak het om ons te help om ons doelbedrag van R25 000 in te samel ten einde 'n pakkende dokumentêre video oor dáárdie projek te laat vervaardig. Maar ons het nog 'n lang pad tot by die finansiële eindpunt!**

**Lees meer oor die projek en hoe jy ons kan ondersteun by www.kerkbode.co.za**



# ’n Kerkmusiekkurrikulum vir die NG Kerk

Kerkmusiek is ’n onmisbare deel van die erediens. Daar behoort baie meer gedoen te word om dit te ontgin. **Dr Riaan Steyn** skryf hieroor in sy tesis vir ’n PhD aan die Universiteit Stellenbosch getiteld “’n Himnologiese praxisteorie vir ’n ekumenies-gereformeerde Suid-Afrikaanse kerkmusiekkurrikulum vir opleidingsgebruik binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika”. **Doret Niemandt** vind meer uit.

Sondagoggend stap jy net na die lofsang in by die kerk. Vanoggend was weer een van daardie oggende en jy is vreeslik laat. Sjoe, gelukkig het jy nog niks gemis nie! Dit is hoe ons baie keer dink oor die erediens, sê Steyn. Die voorsang is amper soos die voorgereg, jy is mos eintlik daar vir die preek, die hoofgereg. Ons mis dan egter uit op ’n geheelmaaltyd wat versigtig, biddend en afwagtend beplan is. ’n Liturgie met musiek om ons te begelei in ’n ontmoeting met God.

Dit is maklik om kerke in een van hierdie twee wye, algemene kategorieë te plaas: tradisioneel óf modern. Hierdie keuse word gewoonlik gemaak op grond van die kerk se aanbiddingstyl. Is daar ’n tannie agter die orrel of ’n hele orkes op die verhoog? Steyn verwys na Thomas Long se *worship wars* – verskillende aanbiddingstyle word teenoor mekaar gestel. Kerkmusiek is egter glad nie so eenvoudig nie en musiekstyle, of eerder aanbiddingstyle, hoef nie teenoor mekaar te staan nie. Daar is nie ’n bloudruk vir “kerkmusiek” nie, sê Steyn. Kerkmusiek was nooit ’n “genre” nie. Die tye verander, en soos wat die konteks verander sal daar altyd misnoeë wees met ’n sekere styl van kerkmusiek.

Dit is juis die unieke konteks van elke gemeente wat vir Steyn van kardinale belang is wanneer dit by kerkmusiek kom. Soos wat ons met die Bybel omgaan, sê hy. Ons gebruik dieselfde teks, maar in elke gemeente klink dit anders. Dit word geïnterpreteer vir daardie gemeente se unieke situasie – die fokus verskil. Eenvoudig gestel, gemeentes kan dieselfde liedere sing, maar in elke gemeente klink dit anders. Die genre en musiekverwerking en instrumente verskil. Die teks en liturgiese musiek klink noodwendig anders in verskillende tye van die kerklike jaar, maar hou ook die konteks hermeneuties in gedagte. Die teks en liturgiese musiek kan dus anders klink in ’n gemeente in die Karoo as in ’n gemeente in Pretoria-Oos. Sodat elke gemeente God kan ervaar wanneer hulle saam aanbid. Dit is die liturg se taak om ’n ruimte te help skep waar mense God kan ontmoet. En dit gaan verskil van gemeente tot gemeente. Steyn werk met ’n narratiewe benadering – mense se stories, se lewens, is belangrik tesame met die alles-bepalende konteks. Kerkmusiek kan dus nie staties wees nie.

Hiervoor het die dominee en die musiekleier ’n fyn aanvoeling nodig. Die liturg moet ’n sensitiwiteit ontwikkel en die regte kennis en vaardighede hê om hierdie ruimte te skep. Dit is hier waar Steyn meen kerkmusiekkurrikulum inkom. In die Suid-Afrikaanse ekumenies-gereformeerde konteks bestaan tans geen praktykgerigte kerkmusiekkurrikulum wat op die opleiding van himnoloë fokus nie.

Steyn het verskillende peilings himnologies ondersoek: Ekklesiologies, teologies, musikologies en kurrikulêr.

Hoe het aanbidding in die Ou en Nuwe Testament gelyk en hoe het dit deur die kerk se geskiedenis (ekklesiologies) verander? ’n Breë verstaan van hoe ons denke oor musiek in die kerk deur die eeue heen verander het, en hoe die Algemene Sinode daaroor oor dekades heen gedink het, is ’n deurslaggewende beginpunt vir ’n kerkmusiekkurrikulum. Behalwe vir hierdie belangrike agtergrond, is daar ander vakke in teologie en musikologie wat onontbeerlik vir so ’n kurrikulum is. Steyn beskryf dit as ’n transpirant wat bo-oor mekaar gesit word. In beide dissiplines is daar vakke wat oorvleuel en wat mekaar kan aanvul met die skep van ’n nuwe kurrikulum. Asook ander dissiplines. Ons praat dus van ’n intra- en interdissiplinêre benadering, sê Steyn. In so ’n kurrikulum moet die ekklesiologiese landskap dus verstaan word en ’n interdissiplinêre benadering geïnkorporeer word. Steyn se tesis dien as roetemerker, of praxisteorie, vir ’n praktykgerigte kerkmusiekkurrikulum. Die kurrikulum-praxisteorie is ook aanpasbaar in verskillende kontekste en tradisies.

Aangesien dit die eerste is in sy soort, gaan dit van die grond af opgebou moet word. Daar moet byvoorbeeld gedink word oor e-rituele. Hoe kom ’n gemeenskap van gelowiges “saam” en word ruimtes geskep wanneer ’n erediens ge-stream word? Dit sal ’n vakgebied wees soos Musiektegnologie of Himnotegnologie.

Daar is verskillende nuwe himnologiese vakke deur Steyn voorgestel wat bestaan uit die verskillende dissiplines wat nou himnologies saamgevoeg word as een komplimentêre vak. In die vooruitsig is ’n Skool vir Himnologie (kerkmusiek) by Hugenote Kollege waar Steyn se praxisteorie vir ’n kerkmusiekkurrikulum geïmplementeer gaan word. Studente sal dus himnologie kan studeer en as deel van die verskillende bane van predikantwees, kan bedien in ’n gemeente.

Op ’n Sondagoggend stap jy by die kerkgebou in en word gegroet met ’n warm handdruk. Jy ruik die koffie vir na die diens wat reeds in die kombuis prut. Jy hoor die kerkmusiek wat die gebou vol maak. Jy gaan kry ’n sitplek en sit jou selfoon af. Jy groet die tannie en oom wat agter jou sit. Liturgie spoel deur alles. Dit is die liturgie van die lewe, sê Steyn. Al die momente waar iets van God se koninkryk deurbreek en ons iets van God kan ervaar.

*Dr Riaan Steyn werk by Welgemoed-gemeente as musiekdirekteur en Traxtudio.*
*Dr Doret Niemandt is predikant van die NG Gemeente Valleisig.*

**Hierdie skrywe word aangebied in samewerking en met ondersteuning van die Taakspan vir Teologiese Navorsing (Wes-Kaap).**

Terug na die toekoms

# Jeug- tot-Jeugaksie: Die vergete herlewing

JOHAN VAN DER MERWE

Herlewing vind van tyd tot tyd in die geskiedenis van ’n kerk plaas. Waarskynlik was die Reformasie die eerste groot herlewing in die geskiedenis van die kerk.

In die NG Kerk het die eerste herlewing na die pinkstergebeure in die Paarl in die 1860’s plaasgevind. Min is egter nog geskryf oor ’n volgende groot herlewing in die geskiedenis van die NG Kerk wat vanjaar 50 jaar gelede plaasgevind het. Dit was die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974.

Hierdie gebeure was die gevolg van ’n besluit van die Algemene Sinode van 1970 dat 1974 ’n evangelisasiejaar sou wees. Ds Mike Smuts sr skryf soos volg oor die begin van die veldtog: “Op 10 Januarie 1974 het sowat 60 jongmense, vyf spanleiers en ’n koorleier op Achterberg-kampterrein buite Krugersdorp vir drie weke se opleiding saamgetrek. Dit was die begin van elf maande waarin hierdie groep betrokke sou wees by ’n jeug- en evangelisasieprogram wat ’n groot impak op duisende mense en die NG Kerk as geheel sou hê”.

Deur die loop van 1974 is 10 sentra in die land besoek waar kursusse aangebied is en massasaamtrekke gehou is. Na raming is 180 saamtrekke deur die loop van die jaar gehou wat deur 250 000 jongmense bygewoon is. 23 000 jongmense het na raming die kursusse voltooi.

Die invloed van die Jeug-tot-Jeugaksie op die NG Kerk was enorm. Duisende jongmense het opnuut opgewonde geraak oor hulle geloof in Jesus Christus en oor die belang van evangelisasie.

Daar was ’n toestroming van jongmense na die teologiese fakulteite van die kerk en ’n nuwe lojaliteit teenoor die NG Kerk het ontstaan. Met reg skryf Smuts: “Die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974 was dus ’n besondere moment in die geskiedenis van die NG Kerk waarvoor God al die dank en eer toekom.”

Vyftig jaar later is die vraag of hierdie gebeure nog enige betekenis het? Die doemprofete sou onmiddellik negatief wou antwoord met ’n duidelike “nee”, want dit was deel van die “goue era” van die NG Kerk wat vir altyd verby is. Kyk ’n mens egter na die leierskapspotensiaal, infrastruktuur en intellektuele kapasiteit van die NG Kerk is die doemprofete dalk verkeerd.

Miskien is dit deel van die missionale roeping van die NG Kerk om die gebeure van 1974 na vyftig jaar weer te besoek, om daar energie en visie te vind om iets soortgelyks nie net in die NG Kerk nie, maar saam met ekumeniese vennote vir Suid-Afrika te begin. Dalk wag die volgende groot herlewing dan net om die draai en wie weet, watter verskil dit aan die jeug van Suid-Afrika kan maak?

*Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en is ’n voormalige aktuarius van die Algemene Sinode.*

Nadia Marais



**Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za**

**BEROEP**
Ds C (Carli) Benade van kerksondermure (Centurion) na Andrew Murray (Johannesburg); prop Karin Botes as diensleraar na Tamboerskloof; dr JS (Johan) Botha van Edleen as uitvoerende amptenaar van die Oostelike Sinode; ds RJ (Ruan) du Plooy van Postmasburg na Amsterdam; dr CJV (Christo) Fourie van Heuwelsig na Petrusburg; dr AMS (Gretha) Heymans vroeër van Reddersburg na Fauresmith en Jagersfontein; ds JW (Johan) Janse van Rensburg van Nieuwoudtville na Kuilsrivier-De Eike; ds C (Christo) Nel van Riebeeckstad na Wesselsbron; ds SJ (Fanie) Schoeman van Augrabies na Askham-Noenieput; dr JL (Wicus) van der Merwe van Constantiakruin as hoof van kerklike opleiding by die Universiteit van Pretoria (UP); prop N (Nastasia) Vosloo-Steyn na Beaufort-Wes en Gamkavallei.
**AANVAAR**
Prop Adriaan Benadie na Sundra; ds RJ (Ruan) du Plooy van Postmasburg na Amsterdam; ds AC (Abraham) Viviers van Waterberg (Nylstroom) na Prieska; prop N (Nastasia) Vosloo-Steyn na Beaufort-Wes en Gamkavallei.

## WES-KAAPLAND
**BEROEP**
Ds Nastasia Vosloo-Steyn van Victoria-Wes, wat huidiglik by NG Gemeente Murraysburg uithelp, is beroep na NG Kerk Beaufort-Wes. (Lynette Bergh, skriba: NG Kerk Beaufort-Wes, 18.07.2024).
Op 'n buitengewonde kerkraadsvergadering gehou op 13 Augustus 2024, het die kerkraad van die NG Gemeente Kuilsrivier-De Eike vir ds Johan Janse van Rensburg (tans voltydse leraar by NGK Nieuwoudtville) beroep as 'n voltydse leraar. (Mariana van Schalkwyk, saakgelastigde, 14.08.2024).
Prop Karin Botes is op die kerkraadsvergadering van 13 Augustus 2024 vir 'n vaste termyn van een jaar as diensleraar beroep na die NG Gemeente Tamboerskloof. (Ds Hendrik Scott, leraar: NG Gemeente Tamboerskloof, 15.08.2024).
**BEVESTIGING**
Prop Nastasia Vosloo-Steyn het die beroep na NG Kerk Beaufort-Wes en Gamkavallei aanvaar. Haar bevestiging vind plaas op 1 September vanuit NG Kerk Beaufort-Wes. (Lynette Bergh, skriba: NG Kerk Beaufort-Wes, 12.08.2024).
Prop Daniël Jacobus (DJ) Muller is op 28 Julie 2024 as tentmakerleraar bevestig by die NG Kerk Simondium. Sy vrou, ds Nadia Muller, het die bevestiging hanteer. Ds Ryno Els en ds Theo Hay was as verteenwoordigers van die Ring van die Paarl teenwoordig. (Ds Nadia Muller, gemeenteleraar: Simondium, 13.08.2024).

## NOORD-KAAPLAND
**BEROEP**
Ds Stephanus Johannes Schoeman word beroep na Askham-Noenieput. (Elna Theron, skriba: NG Kerk Upington-Oos, 16.07.2024).
**BEVESTIGING**
Ds AC (Abraham) Viviers van NG Gemeente Waterberg (Nylstroom) het die beroep na NG Prieska aangeneem. Hy word in Prieska bevestig op 1 September 2024. Alle belangstellendes is welkom om die geleentheid by te woon. (Ds Thabo Pienaar, ringskriba: Ring van Hopetown, 29.07.2024).
**RINGSITTING**
Die Ring van Kenhardt se 75ste gewone ringsitting was op 17 Augustus 2024 by NG Kerk Kanoneiland. (Ds Rion Britz, skriba van die ring, 26.07.2024).
Die Ring van Hanover hou DV op Dinsdag 15 Oktober 2024 hulle 41ste ringsvergadering in die kerksaal van NG Kerk De Aar-Noord. (Ds Marizanne Pfeil-Wessels, ringskriba: Ring van Hanover, 20.08.2024).

## KWAZULU-NATAL
**EMERITAAT**
Na bykans 18 jaar diens in die NG Gemeente Margate, gaan dr Michael (Mike) Heaney emeriteer (aftree).
Sy demissie-erediens vind plaas om 08:30 op 1 September 2024. (Ds Lerisa Meyer, skriba: Ring van Port Shepstone, 12.08.2024).

## VRYSTAAT
**BEROEP**
Dr Gretha Heymans is beroep na die gemeentes van Fauresmith en Jagersfontein. (Hannelie Sweeney, saakgelastigde: NG Kerk Fauresmith, 12.08.2024).
Dr Christo Fourie (lidmaat by NG Kerk Heuwelsig) is op 13 Augustus beroep na die NG Kerk Petrusburg as deeltydse leraar vir drie (3) jaar. (Madette Lombaard, skriba: Petrusburg, 14.08.2024).
Ds Christoffel Nel van Riebeeckstad is beroep na NG Gemeente Wesselsbron. (HF Marx, gemeentekoördineerder, 20.08.2024).
**SINODESITTING**
Die NG Kerk in die Vrystaat gee hiermee kennis van 'n buitengewone sinodesitting wat gehou word op 3 Oktober 2024 te Kopano Nokeng Lodge in Bloemfontein. (Lisma Liebenberg, senior administratiewe beampte, 30.07.2024).

## GOUDLAND
**RINGSVERGADERING**
Die ses en sestigste vergadering van die Ring van Bloemhof vind DV plaas op 14 Augustus 2024 in die NG Gemeente Bloemhof. (Ds Dries Coetzee, skriba: 12.07.2024).

## NOORDELIKE
**BENOEMING**
Die kuratorium van die NG Kerk by die Universiteit van Pretoria het vir dr JL (Wicus) van der Merwe benoem as die hoof van Kerklike Opleiding (KO). (Dr Arno Meiring, skriba van die kuratorium (UP), 25.07.2024).
**RINGSITTING**
Die Ring van Pietersburg se 86ste ringsitting het op 18 Augustus 2024 te NG Pietersburg-Noord plaasgevind. (Freddie Prozesky, NG Noord, 31.07.2024).

## HOËVELD
**BEROEP**
Ds Carli Benade van kerksondermure, Centurion, is beroep na die NG Kerk Andrew Murray in Johannesburg. (Kegomoditswe Rampa, community manager: NG Kerk Andrew Murray, 15.08.2024).
**AANVAAR**
Proponent Adriaan Benadie het die kerkraad NG Gemeente Sundra op Woensdagaand 14 Augustus 2024 meegedeel dat hy die beroep na Oranjemund van die hand gewys het en hulle gemeente se beroep aanvaar het. (Santie Jelliman, saakgelastigde: Sundra, 16.08.2024).
**BEVESTIGING**
Dr Liesl Nickols is op 14 Julie 2024 deur ds Johan Nickols in NG Kerk Randburg bevestig. (Shani Oberholster, Skriba, 15.07.2024).

## OOSTELIKE
**BENOEMING**
Die Sinodale Diensraad van Oostelike Sinode op 22 Julie 2024 vir dr JS (Johan) Botha van die NG Gemeente Edleen asook Kerklike Maatskaplike Dienste: Tutela benoem het as Uitvoerende Amptenaar van Oostelike Sinode. Die Sinodale Diensraad gee hiermee uitvoering aan Reglement 12.6.2 en Reglement 12.7.4 van Kerkorde 2023. (Francois Retief, uitvoerende amptenaar: NG Kerk Oostelike Sinode, 23.07.2024).
**BEVESTIGING**
Ds Ruan du Plooy van Postmasburg is beroep na NG Gemeente Amsterdam en het die pos aanvaar, effektief van 1 Julie 2024. Die bevestiging het op Saterdag 20 Julie plaasgevind en is deur die konsulent, ds Meyer van Wyk van Piet Retief, behartig. Ds Du Plooy se intreepreek was op Sondag 21 Julie om 09:30. (JPJ Naudé, voorsitter: Kerkraad, 15.07.2024).

# NG KERK RIVIERSONDEREND

## VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS

Die Kerkraad van die NG Gemeente Riviersonderend wag in afhanklikheid aansoeke in vir bogenoemde pos.

**GEMEENTEPROFIEL**
Riviersonderend is ’n plattelandse landbougemeenskap in die hartjie van die Overberg met tans 332 belydende en 83 dooplidmate. Die gemeente bestaan uit vier dorps- en vier plaaswyke asook die Overberg-tehuis vir bejaardes. Daar is ’n goeie verspreiding van lidmate oor die hele ouderdomspektrum.

**ONS VISIE**
*Ons wil God se lewegewende water wees wat vloei na alle mense.*

**LERAARSPROFIEL**
Die nakom van alle ampspligte volgens Artikel 9 van die Kerkorde. ’n Leraar met ’n passie vir die plattelandse bediening.
Ons nooi graag iemand wat vir ons gemeente ’n herder sal wees om ons met liefde en deernis te inspireer om meer soos Jesus te word sodat lewende water deur ons kan vloei na alle mense.

**VERGOEDING**
- Salarispakket volgens sinodale skaal as riglyn.
- Ruim pastorie beskikbaar.

**AANSOEKE**
- Aansoeke moet vergesel word van ’n volledige CV en kontakbesonderhede van drie onlangse referente.
- ’n Kort video van twee minute via WhatsApp (071 605 8452) waarin u uself bekend stel en met ons deel waarom u vir die pos aansoek doen.
- Kandidate moet beskikbaar wees vir ’n onderhoud en moontlik ’n preekbeurt.
- Rig aansoeke aan: ngrse@twk.co.za
- **Sluitingsdatum: 15 September 2024.**

**NAVRAE**
Voornemende aansoekers wat meer inligting wil bekom kan vir Jauné van der Westhuizen (skriba) kontak op 071 605 8452 / ngrse@twk.co.za

*Die kerkraad behou die reg om nie ’n beroep uit te bring nie.*

# NG GEMEENTE VANSTADENSRUS

## VAKATURE: DEELTYDSE LERAAR (5/8 POS)

**Sluitingsdatum: 30 September 2024.**

**Dienstermyn:** Twee jaar.

**Gemeenteprofiel:** Vanstadensrus is ’n klein plattelandse dorpie in die Suid-Oos-Vrystaat, tussen Wepener en Zastron. Boerderygemeenskap. Bestaan uit 70 belydende lidmate, ongeveer die helfte jonggetroudes – en 24 dooplidmate.
Die gemeente het in 2019 begin doleer, en na die Algemene Sinodesitting in Oktober 2023 uit die verbintenisse met ons Ring, Streeksinode en die Algemene Sinode getree.

**Leraarsprofiel:** Verkieslik ’n emeritusleraar, wat reeds op pensioen is, en nog gesond en energiek genoeg is om met entoesiasme leiding in die gemeente te neem.

**Pligte:**
Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde. Klem op die volgende:
- Skrifgetroue Woordverkondiging.
- Goed voorbereide preke.
- Wyksbyeenkomste.
- Huis- en siekebesoeke.
- Betrokkenheid en meelewing in die gemeente.

**Vergoeding en voordele:**
- Onderhandelbaar, met in agneming dat dit ’n 5/8 pos is.
- Gratis verblyf in ’n gerieflike, goedversorgde pastorie.
- Water en elektrisiteit ingesluit. Selfoon toelaag.
- Voertuig vir gemeente werk word voorsien. Brandstoftoelaag.

**Aansoek:** Rig asb die aansoek en ’n CV nie langer as twee bladsye nie, tesame met drie referente, hulle selfoonnommers en e-posadresse, aan: Die skriba: ngkmook@ntelecom.co.za Aansoekers moet beskikbaar wees vir ’n preekbeurt en onderhoud. Die kerkraad is nie verplig om ’n aanstelling uit die ontvangde aansoeke te maak nie.

**Diensaanvaarding:** 1 November 2024.

**Navrae:**
Die skriba, Louise Fouche sel: 082 825 2867, e-pos: ngkmook@ntelecom.co.za
Leierouderling: Gerard Jordaan. Sel: 083 462 0842.
Ouderling: Fanie Fourie. Sel: 083 388 0795.

NG GEMEENTE SWARTLAND - NOORD

- **Vakature: Voltydse Medeleraar**
- **NG Gemeente Swartland-Noord (Malmesbury)**
- **Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Augustus 2024.**
- **Diensaanvaarding: 1 Januarie 2025 of soos ooreen gekom**

**Gemeenteprofiel:**
NG Kerk Swartland-Noord in Malmesbury, Wes-Kaap, bedien ongeveer 1 314 belydende lidmate en 360 dooplidmate. Die dorp is sentraal geleë, 70 km vanaf Kaapstad en Stellenbosch, en groei vinnig met nuwe inwoners van jong gesinne tot afgetredenes. Die gemeente werk saam met die buurgemeente, NG Kerk Swartland, om hul gesamentlike roeping in die area uit te leef.

**Leraarsprofiel:**
Gelegitimeerde proponente en leraars met tot vyf jaar ondervinding word genooi om aansoek te doen. Belangrike eienskappe sluit in:
- Lewende verhouding met die Here.
- Organiseer- en bestuurvaardighede.
- Aanpasbaarheid, veerkragtigheid en dinamiek.
- Skrifgetroue prediking en ‘n passie vir alle generasies.
- Liefde vir kerk- en geestelike musiek.
- Goeie interpersoonlike vaardighede en spanwerk.
- Vernuwende tegnologie- en sosiale media-vaardighede.

**Vergoeding:**
- Basiese salaris, pensioen, medies, en vervoertoelaag volgens Sinodale riglyne.
- Behuisingsmodel is in plek.

**Aansoekproses:**
- Gelegitimeerde leraars of proponente van die NG Kerk moet ‘n volledige CV (maksimum vier bladsye), ‘n kort video (2-5 minute), en drie referente per e-pos stuur aan admin@ngksn.co.za en Gé Kriek by gkriek@gk7.co.za voor of op 31 Augustus 2024.
- Kortlys-kandidate moet beskikbaar wees vir ‘n onderhoud en moontlike preekbeurt.

**Navrae:**
- Kontak Rian Kreuiter by riank@nitrophoska.co.za (082 774 4308) of Jan Steyn by jansteyn2020@gmail.com (082 872 4314) vir meer inligting.
- Verdere inligting is beskikbaar op ons sosiale media platforms (@Swartland-Noord Gemeente Malmesbury; @ngk_noord_malmesbury).

**Die kerkraad behou die reg voor om nie noodwendig ‘n aanstelling te maak nie.**

# NG GEMEENTE KOKSTAD
(dolerend )

## VAKATURE: VASTETERMYN LERAARSPOS (DRIE JAAR)

**Gemeenteprofiel:** Kokstad is ’n plattelandse gemeente met 153 belydende en 27 dooplidmate en 85 besoekpunte. Die gemeente is verdeel in vyf dorpswyke en drie plaaswyke. Van die belydende lidmate is 19 in die Ixopo-wyk wat deur ’n emeritus pastorale leraar bedien word. Die gemeente het in Maart 2023 sy eeufees gevier met groot dank aan ons Hemelse Vader. Die gemeente is ’n dolerende gemeente en is deel van die Koinonia Sinode.
Kokstad is op die suidelike grens van KZN, 138 km van Port Shepstone en 190 km van Pietermaritzburg.

**Die gemeente streef om ’n gemeente te wees wat:**
Met entoesiasme in hul geloof groei.
Met liefde mekaar versorg.
Met deernis na ander uitreik.
Met passie die liggaam van Christus opbou!

**Leraarsprofiel:** Die leraar moet bely dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is wat deur die Heilige Gees geïnspireer is en ons roep tot Skrifgetroue en gehoorsame navolgers van Christus. Die leraar moet ook oor sterk leierseienskappe, ’n positiewe lewensuitkyk en goeie menseverhoudinge beskik.

**Vergoeding:** Vergoeding en vervoertoelaag sal met die leraar onderhandel word. Gratis huisvesting in ’n ruim pastorie, krag, internettoegang, sekuriteit en tuinwerker is ingesluit.

**Aansoeke:** Slegs elektroniese aansoeke word aanvaar met ’n volledige CV met kontakbesonderhede van verwysings. Leraars moet beskikbaar wees vir onderhoude en ’n preekbeurt. Rig aansoeke aan die kerkraad, NG Gemeente Kokstad per e-pos: kokstadng@gmail.com of rnel@sanlam4u.co.za (R Nel)

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 30 September 2024.**

**Navrae:** Leierouderling: Robbie Nel – 039 797 3333 (w), 082 784 1644.

**Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.**

# NG GEMEENTE GROOTFONTEIN

## VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS

Die gemeente van Grootfontein is geleë in die noordooste van Namibië. Die gemeente bestaan uit 212 belydende lidmate en 54 dooplidmate en sorteer onder die Noorde Ring en onder die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Namibië.

**Fokuspunte van die gemeente:**
- Om ingestel te wees op die stem van die Heilige Gees deur Skrifgetroue prediking.

**Leraarsprofiel:**
In aansluiting by die ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, moet die leraar
- Jesus Christus as persoonlike Verlosser en Saligmaker bely
- In die Heilige Gees oortuig wees van sy roeping om predikant te wees
- 'n Gelegitimeerde predikant van die NG Kerk wees, wat selfgedrewe die gemeente met sy gawes bedien.
- In spanverband met die kerkraad saam werk, om die gemeente te lei.
- Die gemeente van Rundu, wat gekoppel is aan Grootfontein, te bedien.
- Oshakati gemeente as konsulent bedien.
- Noue betrokkenheid by die plaaslike tehuis vir bejaardes hê.

**Vergoeding:**
- Volgens die riglyne vir vergoedingspakkette vir predikante 2024/2025. Alle voordele word in die pakket vervat. Verdere inligting hieromtrent kan per e-pos aangevra word.

**Aansoekprosedure:**
Stuur 'n volledige, curriculum vitae met:
(a) Twee elektroniese kopieë van preke, onlangs gedoen, of met skakels na die elektroniese preke,
(b) 'n dekbrief, nie meer as twee bladsye nie aan: **ngkgfn@iway.na**
- Aansoekers sal per e-pos gekontak word indien die kortlys gehaal word.
- Deur die indiening van die CV gee die kandidaat toestemming dat die inligting soos in die CV vervat onderworpe is aan die terme en voorwaardes van wetgewing. Alle inligting sal as vertroulik hanteer word en deur die Grootfontein NG Kerk gebruik word in die beroepingsproses
- Die kerkraad behou die reg voor om:
  *self inligting aangaande die aansoeker in te win.
  *om nie 'n leraar/predikant te beroep nie.

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 September 2024.**
**Aanstellingsdatum:** Soos deur die partye ooreengekom.

Voorkeur aan Namibiese burgers. Buitelandse burgers onderhewig aan Namibiese regeringsbesluit.

**Navrae kan per e-pos gerig word aan die voorsitter van die kerkraad:**
Johan Spangenberg: jspangenberg2016@gmail.com

# NG WINDHOEK-EROS

## VAKATURE: VOLTYDSE PREDIKANTSPOS

**Sluitingsdatum: 30 September 2024.**

**Gemeenteprofiel:**
Eros is 'n NG gemeente in die stad Windhoek geleë in die buurt Eros (vandaar die naam). Die gemeente is in 1957 gestig en is dus nou 67 jaar oud. Daar is ongeveer 1 000 belydende en 500 dooplidmate met 'n 30% aktiewe koers. Eros-gemeente is 'n stedelike gemeente wat die woongebied Eros, Erospark, Klein-Windhoek en Ludwigsdorf bedien, maar het ook soos die meeste stedelike gemeentes, lidmate buite die grense van die genoemde woonbuurte. Die gemeente is divers in ouderdom, talente, kultuur en vermoë. Daar tans sewe voltydse personeel en twee deeltydse personeel in diens.
Eros-gemeente staan gegrond op die Bybel as heilige en onfeilbare Woord van God. Ons weeklikse ontmoeting tussen God en gemeente op Sondae word beskou as die hoogtepunt van ons week. Suiwer Woordbediening kunstig vertaal vir 'n hedendaagse gehoor gepaardgaande met musiek en sang kenmerk ons eredienste.

Eros-gemeente het 'n sterk jeugbediening wat fokus om ons jong lidmate op hulle vlak te bedien en te leer om God, sy Woord en sy mense lief te hê. Daar is tans twee voltydse jeugwerkers wat onderskeidelik die junior en senior jeug bedien.
Eros-gemeente het 'n aktiewe barmhartigheidsdiens wat bestaan uit 'n onafhanklike organisasie wat liefdadigheidswerk koördineer en liefdadigheidsprojekte oor die hele land bestuur. Daar is tans 'n voltydse projekbestuurder wat die projekte koördineer en bestuur. Die kantoor is gesetel by Eros-gemeente.

Vanuit Eros-gemeente het daar ook twee onafhanklike evangelisasiebedienings ontstaan wat buite Windhoek gesetel is. Een van die twee funksioneer alreeds as 'n volwaardige gemeente met 'n eie gemeenteraad met 'n ondersteunende vertrouensverhouding met Eros-gemeente. Die ander bediening is 'n unieke evangelisasiebediening met spesifieke behoeftes wat Sondae informeel rondom die Woord van God vergader. Eros-gemeente speel 'n aktiewe rol by hierdie laasgenoemde evangelisasiebediening en lei grotendeels die byeenkomste.

Eros-gemeente het ook 'n aktiewe kerkraad (11 lede), Bybelstudiegroep, musiekbediening, vrouebediening, senior burgers en gasvryheidsbediening.
Deel van die visie van die kerkraad is om die gemeente toe te rus vir hulle taak as geroepenes in die wêreld.
Tans het die gemeente geen predikant in diens nie.

**Leraarsprofiel:**
Die geskikte kandidaat sal 'n besonderse passie en talent vir prediking en toerusting van lidmate hê. Hy of sy sal aan die volgende vereistes voldoen:
1. 'n Lewende verhouding met die Here hê met 'n sterk geloofsbasis op die Woord van God.
2. 'n Besonderse passie vir suiwer Woordverkondiging hê met genoegsame ervaring van kundige en kunstige Woorduitleg.
3. Lidmate kreatief kan toerus as dissipels in 'n veranderende wêreld.
4. 'n Sterk gawe vir verhoudingsbou hê en die instrumente van byvoorbeeld huisbesoek en pastorale begeleiding kundig benut, en die gemeente daarin bedien. Goeie menseverhoudings, aanpasbaarheid, toeganklikheid en bou van sterk verhoudings is vir ons baie belangrik.
5. Sterk leierseienskappe hê, én goed in spanverband kan saamwerk.
6. Betrokke wees in die kerklike en Namibiese gemeenskappe en die gemeente daarin lei en dien.
7. Grondige bedieningsondervinding hê en referente kan toon.

**Pligte:** Soos omskrywe in Artikel 9 van die Kerkorde.

**Vergoeding en voordele:** Vergoeding volgens sinodale riglyne vir 'n voltydse predikant.

**Aansoek:**
Indien jy geroepe voel na Eros gemeente in Windhoek, stuur asseblief die onderstaande aan kantoor@ngeros.org met die subjektitel van die e-pos: "NUWE PREDIKANT".
- Drie volledige preke gepaardgaande met elkeen se volle liturgiese uitleg en die datum waarop dit gelewer is.
- Agtergrond oor jou huidige bedieningsarea (gemeente).
- 'n Dokument wat jou verhouding met God, jou Skrifverstaan en persoonlike getuienis en belydenis bevat.
- 'n Dokument wat jou gawes, talente, passie, opleiding en vorige werkservaring beskryf, asook jou gesinsopset en enige persoonlike inligting weergee.
- Volledige kontakbesonderhede van ten minste drie referente en jou verwantskap met elkeen kortliks aandui.

Kandidate wat die kortlys haal, moet vir onderhoude en prediking in Windhoek, Namibië beskikbaar wees.

**Diensaanvaarding:** So gou moontlik.

**Navrae:** Stuur aansoeke of navrae na kantoor@ngeros.org met "NUWE PREDIKANT" in die subjekveld.

*Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.*

## *VAKANSIE-AKKOMMODASIE*

**JEFFREYSBAAI**
**SANDKASTEEL**
2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**PRETORIA**
**DE GOEDE HOOP-KOSHUIS**, bied studente behuising by die Universiteit van Pretoria asook vir studente wat studeer by ander tersiêre opleidingsentrums. Doen aansoek op ons webblad **https://degoedehoop.co.za/doen-aansoek/** of skakel **079 500 7500** of stuur 'n e-pos na **admin@tukiestate.co.za**

**SANDBAAI (HERMANUS)**
4 Slaapkamer wooneenheid volledig toegerus (slaap 8). Veilige parkering agter toesluithek. Stapafstand vanaf die see. Beskikbaar:
**1 Des 2024 tot 15 Jan 2025**
Kontak: **nadz@telkomsa.net** of **083 458 5253.**

**BLOEMFONTEIN**
Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693. hanliedevilliers@webmail.co.za**

**HARTENBOS**
Heerlike vakansiehuis in sekuriteitskompleks. Reg deur die jaar beskikbaar. 2 slaapkamers, 2 badkamers, slaap 6. Binnebraai en groot onderdak buitebraai. Dubbelgarage.
**Sel: 082 787 9216**.

**UVONGO**
Selfsorgwoonstel. Pragtige seeuitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779.
**Webblad: www.grietseplek.com**

**Die volgende uitgawe van *Kerkbode* verskyn op 27 September 2024.**

## NG KERK KUILSRIVIER

**VAKATURE: LERAAR – VASTETERMYNKONTRAK (DRIE JAAR)**
**Sluitingsdatum:** 2 September 2024.
**Indienstreding:** 1 November 2024 of so gou as moontlik daarna.

In biddende afhanklikheid van die Here nooi die kerkraad **gelegitimeerdes** van die NG Kerk uit om vir hierdie leraarspos aansoek te doen.

**GEMEENTEPROFIEL**
Kuilsrivier is tussen Kaapstad en Stellenbosch geleë. Die NG Gemeente Kuilsrivier het ’n ryke tradisie en is vanjaar 121 jaar oud. Dit is ’n voorstedelike, dog semi-plattelandse gemeente met ongeveer 600 lidmate (belydend ongeveer 550 en dooplidmate ongeveer 50). Die grootste aantal lidmate is tussen 60 en 80 jaar oud (41%). Soos oral is die gemeente aan verandering blootgestel. Dit geld nie net die demografiese en fisiese ontwikkelinge in Kuilsrivier nie, maar ook die tydsgees, op nasionale en internasionale vlak.

**VISIE EN ROEPINGSVERKLARING**
Die gemeente op die markplein gestuur om die koninkryk sigbaar te maak.
Geloofsgewoonte: Bly in die liefde (leef liefde prakties).

**LERAARSPROFIEL**
Die kandidaat moet:
- ✓ ’n **Lewende verhouding** met die Here hê
- ✓ ’n Skrifgetroue en geïnspireerde **prediker** wees met ’n gemaklike spreek- en preekstyl.
- ✓ **Eredienste oop en toeganklik** maak vir meer mense wat na God soek (**tradisionele, sowel as vernuwend**).
- ✓ Lidmate en gemeenteleiers lei om meer **Godbewus** te raak en te lewe.
- ✓ ’n Passievolle **dissipelmaker** wees wat die gemeente begelei om hulle geloof praktaties binne en buite die gemeente uit te leef (**missionale begrip**).
- ✓ ’n **Visioneerder** wees wat oor die gawe beskik om die groter prentjie raak te sien. Veral die “prentjie” oor die toekoms van die gemeente.
- ✓ ’n Passie hê vir betrokkenheid en uitreik na die **gemeenskap**.
- ✓ **Interkerklik** (veral ook met VGK) kan saamwerk om ’n verskil in die gemeenskap te maak
- ✓ Betrokke wees by **Ringsaksies**.
- ✓ ’n Passie veral vir **senior lidmate** hê.

**Ampspligte:** Volgens Artikel 9 van die Kerkorde.

**Vergoeding:** Onderhandelbaar.

**Beroepingsprosedure:** Geselekteerde kandidate moet beskikbaar wees vir ’n onderhoud en ’n preekbeurt.

**Aansoeke:**
- Stuur volledige CV (nie langer as vier bladsye nie) met ten minste twee toepaslike referente na die gemeentebestuurder, mev Maureen du Plessis: ngkkuilsrivier@absamail.co.za
- Vir navrae skakel: André Roux 082 907 1127 (voorsitter kerkraad).
  Gieliana Fourie 083 330 5479 (voorsitter diensverhoudinge).
- Meld asseblief ook wat u Meyers-Briggs profiel is (indien beskikbaar).
- Die kerkraad behou hom die reg voor om nie ’n aanstelling uit die ontvangde aansoeke te maak nie.

## NG KERK HARTENBOS

### VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

Die NG Gemeente Hartenbos wag in biddende afhanklikheid aansoeke in vir ’n voltydse predikantspos op Hartenbos met die oog op diensaanvaarding op 1 Januarie 2025.

Die NG Gemeente Hartenbos is ’n gevestigde geloofsgemeenskap in die Suid-Kaap en bestaan reeds meer as 60 jaar. Hartenbos is ’n bekende aftreedorp en ’n gesogte vakansiebestemming vir mense van oor die hele land. Die gemeente beskik oor drie voltydse leraarsposte en bestaan uit 336 doop- en 2 670 belydende lidmate.
Die gemeente is vir bedieningsdoeleindes in drie streke verdeel. Nuwe intrekkers, skole, aftree-oorde en vakansiegangers is belangrike bedieningsfokusareas. Die lidmaatverspreiding verteenwoordig alle ouderdomsgroepe. ’n Gemaklike bedieningstyl, kameraderie, spanwerk, onderlinge ondersteuning en gasvryheid is vir ons baie belangrik. Fokusareas van die leraars word toegedeel volgens ervaring, gawes en passie.
In die proses om die roeping van die gemeente “Skyn Jesus se Lig” uit te leef, word sterk gefokus op die volgende waardes: Biddend, opofferend, inklusief, gehoorsaamheid, deernis, eietyds en gasvry. Aktiwiteite, oogmerke en projekte het eerstens ten doel om ons roeping te realiseer.

**Leraarsprofiel:**
Die geskikte kandidaat sal aanspreeklikheid aanvaar vir alle fasette van die bediening en gemeente werk soos vervat in Artikel 9 van die Kerkorde, vir een streek. Verder sal die volgende vereistes ook van toepassing wees:
- ’n Predikant van die NG Kerk en bedienaar van die Woord wat die voorgeskrewe legimitasie-verklaring onderteken het. Geen beperking (wetmatig of andersinds) om indienste tree nie.
- Afrikaanssprekend en Engels magtig.
- Geldige bestuurlisensie.
- Vaardigheid in interaktiewe bediening in ’n digitale wêreld en aanlyn bediening.
- Bewese ervaring in visioenêre leierskap wat ‘n span kan toerus, begelei, mentor, koördineer en ondersteun met die implementering van ‘n gedeelde roeping.
- Volledige inkoop in die gemeenteroeping.
- Kollegiaal en bewese ervaring van spanwerk, asook volledige inkoop in die gemeente se leierskapsmodel.
- Vermoë om sinergie te bring in die leraarspan.
- Bewese ervaring in pastorale sorg.
- Goeie verhoudinge kan ontwikkel en in stand hou deur netwerke te bou in die gemeente asook met die omringende gemeenskap, skole, besighede en ander gemeentes en kerke in Mosselbaai.
- Begrip vir die sosiale dinamiek in die Hartenbosgemeenskap en die implikasies daarvan vir gemeente-wees.
- Ontwikkeling en ondersteuning van gemeente-spiritualiteite bv kontemplatiewe spiritualiteit en begeleiding van retreats.
- Oortuiging en ervaring van missionale bedieningspraktyke.

**Vergoeding:**
Die vergoeding is onderhandelbaar en sluit in ’n behuisingsubsidie, reis-, selfoon- en rekenaartoelae in ooreenstemming met sinodale vergoedingsriglyne.

**Aansoeke:**
- ’n Curriculum Vitae (CV) gefokus op hierdie advertensie en waarin u spesifieke gawes, passie, roeping en belangstellings aangedui word tesame met ’n drie minute video waarin u verduidelik waarom u geroepe voel om aansoek te doen. Verskaf ook die besonderhede van drie referente by wie daar navraag gedoen kan word.
- Stuur ook ’n digitale skakel waar ons kan luister na ’n onlangse erediens wat u in u eie gemeente gelei het.
- Voorsien asb. ook beskikbare psigometriese toetsresultate van uself en dui aan of u bereidwillig sal wees om sulke toetsing te ondergaan indien nodig.
- Rig aansoeke digitaal aan die Voorsitter Personeel Diensgroep: kantoor@ngkhartenbos.co.za. Belangstellendes kan ook kontak maak met Des Sampson (082 651 2006). **Aansoeke sluit 28 September 2024.**

*Die gemeenteraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.*

## KONTAK ONS

**Teken in op *Kerkbode:*** Viona Ross
Tel 021 864 8278, E-pos: vionatydskrifte.co.za.
Besoek **www.kerkbode.co.za**

**Redaksie:**
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

**Redakteur:**
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

**Uitvoerende joernalis:**
Heléne Meissenheimer
E-pos: helene@bmedia.co.za

**Proefleser:**
Lambert Jacobs

**Projekkoördineerder**
Maryke Hansen
E-pos: maryke@bmedia.co.za

**Advertensies en vakatures:**
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos:
woes@mweb.co.za

**Kleinadvertensies en amptelike nuus:**
E-pos:
kerkbode@tydskrifte.co.za

# 'Ontsluiter' van kerk se geheue maak reg om te groet

**HELÉNE MEISSENHEIMER**

"Piet Rassemus. Ek is bly ek sien die naam raak. Ons het juis 'n navraag gehad oor die Erasmus-stamvader."

Dr Andrew Kok wys met twee vingers na een van die bruin-van-ouderdom sierskrif-inskrywings wat meer as 300 jaar gelede aangeteken is in 'n antieke swaar leeromhulde boek wat hy vashou. Hy glimlag gelukkig.

Hierdie man met die sagte brei in sy stem het vir baie sinoniem geword met die NG Kerkargief op Stellenbosch – die grootste van sy soort bergplek vir die argivalia van die land se grootste en oudste Afrikaanse kerk.

Na 30 November vanjaar begin hierdie kenner in kennisbestuur egter 'n nuwe hoofstuk wanneer hy op 65 vir 'n tweede keer in sy lewe aftree. Die eerste aftrede was sewe jaar terug na tien jaar as kennisbestuurder by die Wes-Kaapse regering. Voor dit was hy ook universiteitsdosent in inligting- en kennisbestuur by die Randse Afrikaanse Universiteit wat vandag die Universiteit Johannesburg is. 'n Pos wat gevolg het op hoof wees van inligtingsdienste by die ou Atoomenergiekorporasie.

'n Agtergrond wat Kok nie net besonder geskik gemaak het vir die rol van argiefbestuurder nie, maar hom ook onderskei van sy voorgangers wat uit ander vakgebiede gekom het.

Gesels 'n mens met hom hoor jy duidelik dat kennisbestuur vier funksies moet omvat. Eerstens is dit insamel en bewaar en dan, ewe belangrik vir hom, is ontsluiting en beskikbaarstelling van dit wat jy bewaar. Hy vertel toe hy sewe jaar gelede by die argief begin het op 1 Desember 2017 was hierdie 'n instansie wat tot op daardie punt uitstekend goed was met insamel en bewaar, maar daar het dit ongeveer gestop. Dit was 'n stoor- en bewaringsplek.

Die tweede siklus om hierdie kennis en inligting te ontsluit het grootliks ontbreek.

"Wat vir my belangrik is, is dat 'n mens nie net kennis en inligting bymekaar moet maak en stoor nie," sê hy en vertel dan wat hy en sy span gedoen het om die inhoud van hierdie unieke hulpbron met sy vyf lopende kilometer van rakspasie verskans in twee ondergrondse inloopkluise op meer as een manier as 't ware in die lig te bring.

**Die argief berg ook die persoonlike boekversamelings van predikante in die Argief solank die inhoud aan twee reëls voldoen, dit moet deur 'n NG dominee geskryf wees of oor 'n NG dominee handel.**

Eerstens wou hy en sy span sien dat meer navorsers by die argief uitkom. Hulle wou van die argief 'n navorsingsinstelling maak en dit klink of hy meen hulle het hiermee geslaag, want hulle kry "besoekers vanoor die hele wêreld wat hier kom navorsing doen uit die wonderlike bronne wat hulle kan gebruik".

Bronne wat insluit van die oudste publikasies in die land soos die 'Kercken-boek van de Caap van Goede Hoop' uit 1665, doopregisters soos die een vanaf die Franse Hugenote se gemeente in Drakenstein van 1688 waarin Piet Rassemus se doop aangeteken is. Daar is selfs doopregisters wat op ossewaens die Groot Trek binneland toe meegemaak het voor hulle later hulle pad teruggevind het Kaap toe na een van die 5 000 rakspasies waarvan Kok weet wat elkeen se naam en inhoud is.

Hy vertel hy wil hê mense moet by hulle kom navraag doen, "hulle sal verras wees oor wat hulle by ons kry."

'n Hoogtepunt was om van hierdie navorsing te kon publiseer. Die eertydse stoorplek het verander in 'n publikasiehuis. Hy vertel dat reeds die tiende boek in die argief se publikasiereeks in November die lig sal sien om saam te val met die viering van 200 jaar sedert die eerste kerkevergadering van gemeentes in November 1824 by die Groote Kerk in Kaapstad.

"Dit is vir ons wonderlik om te sien dat inligting en kennis wat hier gestoor word, nou oopgebreek word en mense dit kan gebruik en dat dit in leketaal verstaanbaar is vir die gewone mens," vertel Kok oor die boekereeks wat ook moeite gedoen het om die minder sigbare mense vanuit die kerk se lang oorwoë geskiedenis se stories te vertel. Stories soos dié van die swart evangeliste en ook van die vroue in die sending en wat hulle vermag het. Selfs die briewe van die bekende dr Andrew Murray aan sy kinders is in 2022 in boekvorm uitgegee.

Nog 'n sukses was die digitalisering van die inhoud van 175 jaar se gedrukte uitgawes van die NG Kerk se amptelike nuusblad, *Kerkbode*. Dit was 'n projek wat in 2021 in samewerking met die blad gedoen is.

"Ons is dankbaar dat ons uitgewer, Bybel-Media, hierdie duur maar noodsaaklike projek help befonds het en ons glo dit versterk ook *Kerkbode* se nalatenskap," het Le Roux Schoeman, redakteur van *Kerkbode*, gesê.

Kok noem die besluit om juis hierdie publikasie te digitaliseer is gemaak omdat dit een van die argief se hoogs gebruikte tydskrifte is. Soos hy verduidelik, "ons kry geweldig baie navrae vir inligting wat daarin opgeteken is en in die ou dae moes ons met die hand blaai en soek vir brokkies inligting wat daarin opgeteken is".

Nou is daar in die argief se leeskamer 'n rekenaar waarop enigeen soekterme kan kom intik om die artikels te vind wat hulle soek.

*Kerkbode* is nie al gedigitaliseerde hulpbron nie. Kok vertel daar is ook begin om tydskrifte uit die sendingvelde te digitaliseer in samewerking met die firma Nuuseum. So is nog inligting elektronies beskikbaar gemaak wat nêrens anders te kry is nie, sê hy.

Soos genoem herdenk die kerk vanjaar 200 jaar van kerklike besluite. Kok voeg trots by dat ook al die Acta (agendas, notules en kerkbesluite van sinodes) elektronies beskikbaar is op die argief se webblad, "so dis nou maklik om te kyk as jy wonder of oor iets al ooit 'n besluit geneem is". Ook digitaal beskikbaar is die kerk se formuliere en belydenisskrifte.

Digitalisering is 'n baie duur proses, so alles kan nie digitaal gemaak word nie. Dit geskied na behoefte.

### 'Learn from leavers'

Geskrewe bronne is natuurlik nie al bron van kennis binne die kerk nie. Kok sê mondelinge oordrag van kennis is net so belangrik om op te vang. Die hoë aantal predikante wat sedert 'n paar jaar terug aftreeouderom begin bereik het, bekommer hom. Twee jaar gelede het hy al in 'n artikel vir *Kerkbode* die vraag gevra of die kerk genoeg doen rondom die oordrag van kennis en kennisbehoud uit hierdie groep.

Saam met *Kerkbode* het die kerkargief die *Learn from leavers*-projek begin waarin hy predikante wat emeriteer per e-pos nooi om hulle stories neer te skryf. Die reaksie sover was flou, maar hy moedig steeds emeritus-predikante aan om hom hieroor te kontak.

'n Soortgelyke projek is begin met die eertydse sendelinge deur hulle een dag per maand na die argief te nooi en vir hulle 'n klomp foto's te gee wat nie ontsluit was nie. "Dit was sodat hulle stories van die mense of gebeure daarop vasgevang kan vertel … die stories wat in hulle kop geleef het," verduidelik Kok, sigbaar trots oor hierdie unieke verhale wat ook nou opgeteken kon word. Vanjaar op Erfenisdag gaan die argief weer sendelinge nooi om hulle foto-albums te bring en hulle stories te kom vertel.

Noudat hy self deel is van die groep 'leavers', wat lê nou vir hom voor? Kok glimlag so effens en sê dit is nog nie vir hom tyd om op 'n stoep te gaan sit nie. Hy en sy vriend uit sy staatsdiensdae, Jan-Carel de Ridder, beplan om konsulteerwerk te doen in kennisbestuur. Hulle gaan dit doen aan die hand van die model van kennisbestuur wat hulle ontwikkel het en hulle in 2016 'n internasionale toekenning besorg het. 'n Model wat volgens Kok in die staat sowel as privaatsektor kan werk.

"Dalk kan ek terugkom na die kerk toe en hulle vertel hoe om hulle kennis beter te bestuur," lag hy.